018 290 7579
anneli@duet.org.za
ontvangs@duet.org.za
www.duet.org.za

duet GEMEENTE

Govan Mbeki Rylaan 5,
Potchefstroom, 2520
Posbus 20674, Noordbrug
Potchefstroom, 2522

Inleiding

Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus en voortgaan na volwassenheid, sonder om weer die fondament te lê van die bekering van dooie werke, van geloof in God, van onderrig oor dope, oplegging van hande, opstanding uit die dood en van ewige oordeel. (Hebreërs 6:1-3)

Die konsepte wat in Hebreërs 6 genoem word, is die basiese boublokke van ons geloof. Die skrywer van Hebreërs noem dit "die eerste beginsels". Dit is dus van kardinale belang dat ons as gelowiges hierdie beginsels nie net verstaan nie, maar ook dit sal uitleef in ons daaglikse lewens. Dit is ook belangrik om hierdie basiese lering vanuit die Woord van God aan iemand anders te kan oordra. Dit is immers waarop dissipelskap onder andere neerkom. Die doel is egter nie om by hierdie eerste beginsels vas te haak nie, maar dat ons sal "voortgaan na volwassenheid".

Die aanlyn materiaal is beskikbaar deur hierdie QR-kode te volg:

Dissipelskapskool

Alternatiewelik kan die volgende platforms besoek word:

- YouTube (Duet Gemeente)

018 290 7579
anneli@duet.org.za
ontvangs@duet.org.za
www.duet.org.za

duet GEMEENTE

Govan Mbeki Rylaan 5,
Potchefstroom, 2520
Posbus 20674, Noordbrug
Potchefstroom, 2522

Deel 1: Bekering van dooie werke

Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus en voortgaan na volwassenheid, sonder om weer die fondament te lê van die ***bekering van dooie werke****...* (Hebreërs 6:1)

Die eerste aspek van die lys wat beskou word as eerste beginsels, is bekering van dooie werke. Ons gaan enersyds kyk na wat bekering presies behels, maar ook wat bedoel word met "dooie werke".

Wat is bekering?

Die Griekse woord vir bekering wat hier gebruik word, is die woord "μετάνοια" (metanoia). Die kernwoord van metanoia is die woord "νοῦς" (noes) en dit beteken gedagte, verstand, begrip, of die Godgegewe vermoë van elke mens om te kan dink. Bekering verwys dus na 'n totale verandering in denke, gedagtes en rede. Hierdie interne verandering sal sigbaar wees as 'n uitwaartse gedragsverandering. Bekering is dus 'n tweeledige begrip: enersyds word weggedraai van die bose/verkeerde, en andersyds word gedraai ná God toe.

Die konsep van bekering kom al van die Ou Testamentiese dae en die volk is telkens opgeroep om weg te draai van boosheid en sonde. In die Ou Testament is die Hebreeuse woord wat gebruik word vir bekeer, שוב of "shûb" ("shoob") en dit beteken om "terug te draai", "te besny", "om neer te lê", "om te ween" of "om oor te gee". Die laasgenoemde betekenisse beklemtoon nog verder die tweeledige betekenis van die woord "bekeer" of "bekering".

So sê my Heer, die HERE: "Bekeer julle! Julle moet ***wegdraai*** *van julle afgodsbeelde, en van al julle afstootlike dade moet julle afsien."* (Esegiël 14:6)

"Bekeer julle! ***Draai weg*** *van al julle oortredings, sodat dit nie vir julle 'n struikelblok word wat sondeskuld meebring nie."* (Esegiël 18:30)

"Ek vind geen vreugde in die dood van die goddelose nie, maar wel vreugde daarin dat 'n goddelose ***terugkeer van sy pad****, en leef.* ***Keer terug, keer terug*** *van julle bose paaie! Waarom moet julle sterf, huis van Israel?"* (Esegiël 33:11)
Andersyds is die volk ook telkens opgeroep om te draai ná God toe. Let op God se groot genade en barmhartigheid in die volgende gedeeltes.

*"****Wend julle tot My****, en word verlos, almal van die uithoeke van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie."* (Jesaja 45:22)

Die goddelose moet van sy pad afsien, en die boosdoener van sy planne. Hy moet ***na die HERE terugkeer****, sodat Hy hom genadig kan wees, en na sy God, want Hy vergeef oorvloediglik.* (Jesaja 55:7)

"Maar selfs nou, ***keer terug na My met julle hele hart****, vas en huil en rou," is die uitspraak van die HERE. Skeur julle harte, en nie julle klere nie,* ***draai om na die HERE julle God****; want Hy is genadig en barmhartig, geduldig en oorvloedig in troue liefde, Hy het berou oor die onheil wat Hy bring."* (Joël 2:12-13)

Bekering is dus 'n ryk term met diep betekenis. Die tweeledigheid word telkens beklemtoon. Daar word weggedraai van boosheid ná God toe. Bekering gaan ook met berou gepaard.

*Want die **droefheid**, volgens die wil van God, bewerk **inkeer** wat tot **verlossing** lei, en waaroor niemand ooit spyt is nie; maar wêreldse droefheid lei tot die dood.* (2 Korintiërs 7:10)

Hierdie droefheid moet nie verwar word met 'n emosionele gevoel van spyt nie. Droefheid binne die konteks van hierdie Skrifgedeelte kom neer op 'n doelbewuste herbelyning met die wil van God. Dit lei tot die aksie van inkeer. Hierdie droefheid kan in sommige gevalle gepaard gaan met diep emosies, maar die dryfkrag agter hierdie droefheid is 'n fokus op en 'n uitroep na God.

Jesus praat ook oor bekering

Die boodskap van Johannes die Doper is later deur Jesus herhaal in die openbaar, naamlik dat bekering tot God belangrik is.

*In daardie tyd het Johannes die Doper in die openbaar begin optree en in die woestyn van Judea verkondig: "**Bekeer julle**, want die koninkryk van die hemele is op hande."* (Matteus 3:1-2)

*Van toe af het Jesus met sy verkondiging begin en gesê: "**Bekeer julle**, want die koninkryk van die hemele is op hande."* (Matteus 4:17)

Johannes die Doper het klem daarop gelê dat bekering sigbaar moet wees. Ware berou en ware bekering sou lei tot 'n verandering in gedrag.

Dra liewer vrugte wat by die bekering pas. (Matteus 3:8)

Die skare vra hom toe: "Wat moet ons dan doen?" En hy het hulle geantwoord: "Wie twee kledingstukke het, moet dit deel met iemand wat niks het nie, en wie kos het, moet dieselfde doen." Daar het ook tollenaars gekom om gedoop te word, en hulle het hom gevra: "Meester, wat moet ons doen?" Hy het hulle geantwoord: "Moenie meer invorder as wat vir julle voorgeskryf is nie." Ook soldate het hom gevra: "En ons, wat moet ons doen?" Vir hulle het hy gesê: "Moenie geld van mense afpers nie, en moet hulle nie vals aankla nie, maar wees tevrede met julle lone." (Lukas 3:10-14)
Bekering is met ander woorde 'n totale wegdraai van bose dade en 'n bose leefstyl (leefstyl buite God se wil) en 'n draai na God, wat gepaard gaan met 'n veranderde denkwyse en leefstyl. 'n Veranderde hart en 'n veranderde verstand, sal lei tot 'n veranderde lewe met veranderde gedrag.

Bekering van dooie werke

Waarna verwys dooie werke? Ons dink dikwels aan bekering in terme van sonde en boosheid, maar dit is nie die enigste interpretasie van hierdie term nie. Die skrywer van Hebreërs verwys egter nie nét na bekering nie, maar spesifiek na die bekering van dooie werke. Nou, wat is dooie werke? Die volgende paar verse help ons om mooi te verstaan wat presies bedoel word met dooie werke.

*...en tog weet ons dat 'n mens nie op grond van nakoming van die wet geregverdig kon word nie, maar **slegs deur die geloof in Jesus Christus**. Ook ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons vrygespreek kon word **op grond van geloof in Christus** en **nie op grond van nakoming van die wet nie**, omdat **geen mens op grond van wetsgehoorsaamheid geregverdig sal word nie**.* (Galasiërs 2:16)

*Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. **Dit kom nie uit eie werke nie**, sodat niemand hom op iets kan beroem nie.* (Efesiërs 2:8-9)

*...het Hy ons verlos — **nie op grond van werke** wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming — by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees...* (Titus 3:5)

*Maar as dit uit genade is, is dit nie meer op grond van **ons dade** nie; want anders sou die genade nie meer genade wees nie.* (Romeine 11:6)

Wat baat dit, my broers, as iemand sê dat hy geloof het, maar hy het nie dade nie? Dié geloof kan hom tog nie verlos nie? (Jakobus 2:14)

Dooie werke verwys dus na enige werke wat daarop gerig is om vanuit myself redding en regverdiging voor God te probeer bewerkstellig. Hierdie verse maak dit baie duidelik dat dit onmoontlik is om deur middel van dooie werke dit te vermag. Dit is ook waar dat talle mense beweer dat hulle deur geloof gered is, maar baie keer is daar is geen Goddelike werke sigbaar in hulle lewens nie. Werke is dus baie belangrik. Werke is eerder die natuurlike uitvloeisel van ’n bekeerde lewe maar kan opsig self nie ’n persoon red nie. Werke voor, en sonder bekering is “dood” terwyl werke na afloop van bekering die vrug van bekering is.

Nou, teenoor die dooie werke stel die skrywer van Hebreërs die alternatief, naamlik geloof in God. Daar is geen ander manier waarop ons verlos of regverdig kan word nie, behalwe deur **geloof in God**.

018 290 7579
anneli@duet.org.za
ontvangs@duet.org.za
www.duet.org.za

duet GEMEENTE

Govan Mbeki Rylaan 5,
Potchefstroom, 2520
Posbus 20674, Noordbrug
Potchefstroom, 2522

Deel 2: Geloof in God

Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus en voortgaan na volwassenheid, sonder om weer die fondament te lê van die bekering van dooie werke, ***van geloof in God****...* (Hebreërs 6:1)

Noudat die eerste aspek bespreek is, naamlik die bekering van dooie werke, besef ons dat ons nie onsself kan red nie. Ons sal nooit deur ons eie werke gered kan word nie, en gevolglik roep God ons tot die bekering van dooie werke. As ons eie werke (dooie werke) dan nie die antwoord is nie, wat is die antwoord? Die tweede aspek op die lys maak dit vir ons duidelik: geloof in God.

Geloof teenoor dooie werke

Geloof hou nouliks verband met vertroue. Geloof veronderstel dat die gelowige nie op homself/haarself staatmaak nie, maar sy/haar totale vertroue in God plaas, en in God alleen. In die konteks van die bekering van dooie werke, beteken dit dat die gelowige nie meer op homself/haarself en sy/haar eie werke vertrou nie, maar alleenlik op God.

Die Hebreërs aan wie hierdie brief gerig was, was almal voorheen Jode, en nou volgers van Jesus. Wetsonderhouding, die besnydenis, offers, die tempel, oorgelewerde gebruike en tradisies, asook talle ander sake, was dinge waarop sommige Jode staatgemaak het om gered te word. In kort het hulle op godsdienstige werke staatgemaak sodat hulle verlossing kon ontvang. Dit is waarop hulle vertrou het.

Maar hulle is geroep om weg te draai van hierdie dooie werke, en eerder hulle geloof in God te plaas. Deur geloof leef hulle nou in Christus. Die skrywer van Hebreërs wil met die eerste twee aspekte op die lys sê: draai weg van vertroue in dooie werke, en draai na vertroue in Jesus Christus. In Hom hoef ons nie meer te werk vir ons verlossing nie, want in Hom is ons reeds verlos. So, in kort: plaas jou vertroue in God, of te wel, glo in God.

Wat is geloof?

Kom ons kyk na die volgende Skrifgedeeltes om vas te stel wat die Woord sê oor geloof.

Geloof egter is sekerheid van die dinge wat ***gehoop*** *word; 'n bewys van die dinge wat* ***nie gesien word nie****.* (Hebreërs 11:1)

Daarom is ons altyd vol moed, al weet ons dat, terwyl ons nog in die aardse liggaam woon, ons nie by die Here woon nie; want ons leef deur ***geloof****, nie deur* ***aanskoue*** *nie.* (2 Korintiërs 5:6-7)

Soos ons sien in die voorafgaande twee verse, berus geloof nie op die sigbare nie, maar die onsigbare. ’n Verdere aspek van geloof is dus om vas te hou aan God se beloftes, al sien ons nie noodwendig die vervulling van daardie beloftes tans nie. Geloof is dus ’n verklaring dat ek vertrou op God se Woord, en dat dit wat Hy gesê het, wel sal gebeur, ongeag wat my oë vir my sê.

Die Woord van God plaas 'n onvervangbare klem op geloof in God. Ons sien dat geloof gepaard gaan met vertroue sowel as hoop dat God is wie Hy sê Hy is en dat God sal doen wat Hy belowe het om te doen. Geloof is onsettend kragtig en geloof in God lei juis tot geregtigheid en redding.

Nee, wat sê dit? "Die woord is hier by jou, in jou mond en in jou hart." Juis dit is die boodskap van geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en jy glo met jou hart dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word. Want met die hart glo ons, en word so vrygespreek; met die mond bely ons, en word so verlos. Die Skrif sê tog: "Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie." (Romeine 10:8-11)

In ons teologiese onderbou en verstaan van "geloof" is dit so maklik om te dink dat geloof slegs 'n wete (teorie) is dat God bestaan. Geloof is egter 'n verskuiwing van my eie pogings tot redding, vergifnis en selfs God se aanvaarding van ons as persone, na 'n volle vertroue in Jesus se reddende werk. Nadat 'n gelowige gered is, word hy/sy ook geroep om "in geloof" te lewe.

"Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag: Want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié beloon wat Hom soek." (Hebreërs 11:6)

Soos die Skrifgedeelte duidelik sê: geloof in God BEGIN by geloof dat Hy bestaan en dan dat Hy dié beloon wat Hom soek. Dus, die lewe van 'n gelowige moet in geloof gelewe word. Hierdie gedagte word verder beklemtoon deur die volgende Skrif.

Want daarin word geopenbaar dat God se geregtigheid geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: "Wie op grond van geloof geregverdig word, sal leef". (Romeine 1:17)

Wat dan van werke?

Dit is belangrik dat ons net weer Paulus se woorde beklemtoon wat ons in Deel 1 van hierdie reeks gedeel het:

Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. ***Dit kom nie uit eie werke nie****, sodat niemand hom op iets kan beroem nie.* (Efesiërs 2:8-9)

Dit is baie duidelik teen die stadium dat ons gered word deur geloof, en nie deur werke nie. Ons sukkel dikwels met hierdie konsep, want as mense wil ons graag iets doen om ons eie redding te bewerk. Daar is egter twee tipes werke waarvan die Bybel praat:

a) Werke wat ons doen om ons eie redding te bewerk (dooie werke)
b) Werke wat gebore is uit geloof

Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus ***om goeie werke*** *wat God voorberei het,* ***te doen*** *en daarvolgens te leef.* (Efesiërs 2:10)

Die werke waarvan Efesiërs 2:10 praat, is werke waartoe ons as gelowiges geroep is. Hierdie is goeie werke wat gebore is uit geloof. Dit is dus nie werke wat ek doen om gered te word nie, maar werke wat ek doen

omdat ek reeds gered is deur geloof. Die konsep van goeie werke wat vanuit die geloof vloei, kom gereeld in die Skrif voor.

*"Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle **goeie werke** kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik."* (Matteus 5:16)

*Stel jy self in alles 'n voorbeeld deur **goeie dade**, onvervalste leer en waardigheid, gesonde en onaanvegbare prediking, sodat 'n teenstander beskaamd mag staan en niks slegs het om oor ons te sê nie.* (Titus 2:7-8)

*Herinner hulle daaraan om aan die owerheid en alle gesag onderdanig te wees, om gehoorsaam te wees en bereid tot elke **goeie werk**...* (Titus 3:1)

*Laat ons ons ook daarop toelê om mekaar aan te spoor tot liefde en **goeie dade**...* (Hebreërs 10:24)

Geloof sonder dade beteken niks nie. As ek sê ek glo, maar ek doen niks nie: wat beteken daardie geloof dan?

*Wat baat dit, my broers, as iemand **sê dat hy geloof het**, maar **hy het nie dade nie**? Dié geloof kan hom tog nie verlos nie?* (Jakobus 2:14)

Daar is baie praktiese voorbeelde waarvan ons lees in die Skrif. Wat al hierdie Skrifgedeeltes telkens bevestig, is dat 'n persoon se geloof bevestig word deur die dade wat hy/sy doen. Geloof en dade is dus twee kante van dieselfde muntstuk. Vanuit geloof spruit die dade outomaties voort.

***Deur geloof** was Abraham gehoorsaam toe hy geroep is om uit te trek na 'n plek wat hy as erfenis sou ontvang, en **hy het weggetrek**, sonder om te weet waarheen hy gaan.* (Hebreërs 11:8)

***Deur geloof** het Abraham, toe hy getoets is, **Isak as offer aangebied**...* (Hebreërs 11:17)

*Is **Abraham**, ons vader, nie **op grond van sy dade** regverdig verklaar omdat hy sy seun Isak op die altaar geplaas het nie? Kan jy sien dat **die geloof meegewerk het met sy dade** en dat **vanuit die dade die geloof volkome geword** het?* (Jakobus 2:21-22)

***Deur geloof** het hy [Moses] die **Pasga ingestel** en die **bloed laat aansmeer**, sodat die doodsengel nie aan hulle eersgeborenes sou raak nie.* (Hebreërs 11:28)

***Deur geloof** het Ragab, die prostituut, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy **die spioene in vrede ontvang** het.* (Hebreërs 11:31)

*Is Ragab, die prostituut, nie ook net so **op grond van dade** regverdig verklaar toe sy die boodskappers gasvry ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie? Want net soos die liggaam sonder asem dood is, só is die **geloof sonder dade dood**.* (Jakobus 2:25-26)

Keer op keer sien ons dat geloof met dade gepaard gaan. Eintlik maak dit sin. Kom ons kyk na 'n baie praktiese voorbeeld. Gestel die lugverkoeling in jou huis is gestel op 22°C. Jy is egter totaal en al onbewus van die feit dat dit 42°C buite jou huis is. Jy het egter iewers op die radio gehoor hoe iemand sê dat dit 10°C buite is.

Gevolglik trek jy 'n lekker dik jas aan en sit 'n mus op jou kop, want jy is op pad buite toe. Net voordat jy by die huis uitstap, ontvang jy 'n oproep van 'n kollega, wat vir jou sê dit is oor die 40°C.

Hoe gaan ek weet wat jy glo? Hoe gaan ek weet of jy glo dit is 10°C buite, of oor die 40°C buite? Baie eenvoudig. Ek gaan sien wat jy **glo** deur wat jy **doen**. As jy glo dit is 10°C, gaan jy die mus en die serp en die jas en die trui aanhou. As jy egter glo dit is warmer as 40°C, gaan jy van 'n paar kledingstukke ontslae raak en koeler aantrek.

Geloof word dus sigbaar deur ons dade en geloof bevestig wat ons glo. Ware geloof produseer dus goeie werke vir Hom. Nie in 'n vleeslike poging om gered te word nie, maar werke wat gebore is uit absolute oorgawe aan God deur geloof. Nou gaan Paulus se woorde aan die Galasiërs net soveel meer sin maak vir jou:

*Want in Christus Jesus is besnedenheid of onbesnedenheid van geen belang nie, maar wel **geloof wat deur liefde in dade omgesit word**.* (Galasiërs 5:6)

Dit is basies die kern van waaroor dit gaan: geloof wat deur liefde oorgaan in dade. Hierdie is dus 'n sigbare geloof. Hierdie idee word ook mooi oorgedra deur Jesus net voordat hy gekruisig is:

*"Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy **dra baie vrug**, want sonder My kan julle niks doen nie. Hierdeur word my Vader verheerlik, dat julle **baie vrug dra** en my dissipels kan wees."* (Johannes 15:5,8)

Vanuit intimiteit met Jesus – vanuit absolute geloof en oorgawe – vloei daar baie vrug voort. Dit verheerlik die Vader as ons as gelowiges in afhanklikheid van Hom, en in geloof in Hom baie vrug dra.

Met hierdie waarheid nou goed gevestig, naamlik dat ware geloof oorgaan in dade, kyk na die volgende paar tekste en kyk hoe dit jou verstaan daarvan beïnvloed.

*Maar my regverdige een **sal uit geloof leef**.* (Hebreërs 10:38)

*Inderdaad, deur die wet het ek die wet afgesterf sodat ek vir God leef. Met Christus is ek gekruisig; ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, **leef ek in geloof in die Seun van God** wat my liefgehad en Homself vir my oorgegee het.* (Galasiërs 2:19-20)

*Want **deur die geloof** is julle almal kinders van God in Christus Jesus...* (Galasiërs 3:26)

*Omdat ons dan nou op grond van **geloof** geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in **geloof** ook toegang verkry tot hierdie genade waarin ons vasstaan, en ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God.* (Romeine 5:1-2)

God nooi ons deur genade uit om te leef met volle geloof in Hom. Die derde aspek op die lys is die lering oor dope. Ja, jy het reg gelees: dope. Meervoud. Voor ons egter daarby gaan uitkom, gaan ons eers net by wedergeboorte stilstaan, aangesien dit mooi aansluit by die eerste twee aspekte en baie van waarde is in die gesprek oor die dope wat daarna gaan volg.

Deel 3: Wedergeboorte

Ten einde wedergeboorte mooi te verstaan, gaan ons kyk na die deel in die Skrif waar Jesus met Nikodemus, 'n Fariseër, hieroor gesels het.

Daar was 'n man uit die geledere van die Fariseërs met die naam Nikodemus, 'n leier van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: "Rabbi, ons weet dat u 'n leermeester is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens verrig wat u verrig as God nie met hom is nie." (Johannes 3:1-2)

Johannes maak dit duidelik aan sy leser dat Nikodemus nie net 'n Fariseër was nie, maar ook 'n gerespekteerde leier van die Jode. Hy was dus opgelei in die Woord van God en by uitstek 'n onderhouer van die wet en 'n volger van die Joodse godsdiens. Hierdie Fariseër was terdeë bewus daarvan dat die groter Joodse godsdienstige gemeenskap nie so gelukkig was met Jesus op die toneel nie. Nikodemus kon egter nie ontken dat Jesus van God af gekom het nie. Sy vrees vir die Joodse godsdienstige gemeenskap is gedeeltelik getroef deur sy besef van wie Jesus is. Ek gebruik doelbewus "gedeeltelik getroef", want hy het steeds in die nag na Jesus toe gekom ten einde nie raakgesien te word nie. Dan maak Jesus 'n kardinale stelling waarop ons hele geloof gebou is:

Jesus het hom geantwoord: "Amen, amen, Ek sê vir jou: ***As iemand nie van bo gebore word nie****, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."* (Johannes 3:3)

Hierdie gedagte word verder versterk in verse 5 en 6:

"Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie ***uit water én Gees*** *gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees."*

Nou, wat beteken dit om uit water én Gees gebore te word? Sekere denominasies interpreteer "water" as die waterdoop, maar as ons Johannes 3:5-6 binne konteks lees, dan besef ons dit gaan nie oor die waterdoop nie. Daar word nêrens in die res van Johannes 3 na die Christelike waterdoop verwys nie. Ons kry eerder:

- *"sodat elkeen wat* ***in Hom glo****, die ewige lewe sal hê"* (Johannes 3:15)
- *"sodat elkeen wat* ***in Hom glo****, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê"* (Johannes 3:16)
- *"Wie* ***in Hom glo****, word nie veroordeel nie"* (Johannes 3:18).
- *"Wie* ***in die Seun glo****, het die ewige lewe"* (Johannes 3:36)

Al wat eksplisiet dus genoem word, is geloof in die Seun van God. As hierdie "water" dan nie na die waterdoop verwys nie, waarna verwys dit? "Water" verwys na die natuurlike geboorte van elke mens. Alle mense wat al gebore is, en alle mense wat nog gebore gaan word, is uit water gebore. 'n Ander manier om dit te stel, sou wees om te sê dat alle mense uit die vlees gebore is. Vlees gee geboorte aan vlees ("*Wat uit die vlees gebore is, is vlees...*"). So, die eerste, natuurlike, vleeslike geboorte wat alle mense ervaar, is om uit water gebore te word.

Dan praat Jesus van 'n ander geboorte. Hy praat van 'n geboorte uit die Gees. Hierdie verwys na 'n tweede geboorte, of te wel, 'n wedergeboorte. Hierdie wedergeboorte is nie uit die vlees nie, maar uit die Gees (*"...wat uit die Gees gebore is, is gees..."*).

Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad — deur die lewende en blywende woord van God. (1 Petrus 1:23)

'n Mens sou nou kon vra of geboorte (gebore uit water) en wedergeboorte (gebore uit die Gees) op dieselfde tydstip plaasvind. Dit is duidelik vanuit die gesprek in Johannes 3 dat Nikodemus besef het dat hierdie na 'n aparte gebeurtenis verwys, want kyk na die vraag wat hy aan Jesus vra.

Nikodemus sê vir Hom: "Hoe kan 'n mens weer gebore word as hy reeds oud is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die moederskoot ingaan en gebore word nie?" (Johannes 3:4)

Alhoewel Nikodemus nie volkome begryp het wat Jesus bedoel het met wedergeboorte nie, het hy wel besef dat wedergeboorte verwys na 'n tweede geboorte, en dus nie gelyklopend met geboorte plaasvind nie. Verder kan ons aflei uit Nikodemus se vraag dat wedergeboorte iets is wat hyself nog nie beleef het nie. Die feit dat wedergeboorte 'n aparte gebeurtenis is, word verder ondersteun deur die volgende Skrif.

As julle weet dat Hy regverdig is, weet julle ook dat elkeen wat doen wat reg is, ***uit Hom gebore*** *is.* (1 Johannes 2:29)

Elkeen wat ***uit God gebore*** *is, doen nie meer sonde nie, omdat God se saad in hom bly, en hy kan nie meer aanhou sonde doen nie, omdat hy uit God gebore is.* (1 Johannes 3:9)

Geliefdes, laat ons mekaar liefhê, want die liefde is uit God en elkeen wat liefhet, is ***uit God gebore*** *en ken God.* (1 Johannes 4:7)

Elkeen wat ***glo*** *dat Jesus die Christus is,* ***is uit God gebore****, en elkeen wat die Vader liefhet, het ook almal lief wat uit Hom gebore is.* (1 Johannes 5:1)

...want elkeen wat ***uit God gebore*** *is, oorwin die wêreld; en dít is die oorwinning wat die wêreld oorwin, ons geloof.* (1 Johannes 5:4)

Ons weet dat niemand wat ***uit God gebore*** *is, aanhou sonde doen nie, maar Hy wat uit God gebore is, beskerm hom, en die Bose kan hom niks aandoen nie.* (1 Johannes 5:18)

Ons kan aflei vanuit Johannes se woorde dat wedergeboorte 'n ingrypende verandering teweeg bring in iemand se lewe. Iemand wat opnuut gebore is, lewe 'n nuwe lewe. Iemand wat wedergebore is, lewe nie meer soos die ou, vleeslike persoon nie. Wedergeboorte is dus 'n innerlike verandering wat uiterlik sigbaar is. Daar is duidelike kenmerke van iemand wat wedergebore is:

- Hy/sy doen wat reg is (lewe 'n lewe van gehoorsaamheid aan God).
- Hy/sy volhard nie meer op 'n pad van sonde nie.
- Hy/sy leef vanuit God se liefde en het ander lief.
- Hy/sy glo.
- Hy/sy ken God.
- Hy/sy het almal lief wat ook wedergebore is.
- Die Bose kan hom/haar niks aandoen nie.

Daar is dus 'n radikale verandering wat plaasvind tydens wedergeboorte. Geboorte (gebore uit water) en wedergeboorte (gebore uit die Gees) vind nie op dieselfde tydstip plaasvind nie, want 'n pasgebore baba glo byvoorbeeld nog nie. Wedergeboorte is 'n gebeurtenis wat later in 'n gelowige se lewe plaasvind. Waar wedergeboorte eenmalig in die lewe van 'n gelowige plaasvind (en beslis gepaardgaan met aanvanklike bekering), is bekering iets wat herhaaldelik plaasvind op die pad van heiligmaking.

Hierdie is vir baie mense 'n moeilike konsep om te begryp. Ons weet dat selfs vir Nikodemus hierdie 'n ingewikkelde konsep was om te verstaan. Hy was 'n Jood. Hy was in die verbond van Abraham ingebore. Beide sy ouers was Jode. Hy was besny op die agtste dag. Hy was 'n verbondskind. Hy was 'n volger van die wet. Hy het ander mense geleer wat God se Woord sê. Tog sê Jesus dit duidelik: *"Moenie daaroor verbaas wees nie dat Ek vir jou gesê het, 'Julle moet van bo gebore word.'"* (Johannes 3:7)

Dit is kardinaal om 'n onderskeid te tref tussen die verbond met Abraham en die nuwe verbond. 'n Jood word in die verbond van Abraham ingebore, terwyl 'n Christen in die nuwe verbond "inge-wederbaar" word (as ek so 'n term mag skep). As die verbond met Abraham outomatiese insluiting in die nuwe verbond veronderstel het, sou Jesus se gesprek met Nikodemus, wat reeds in die verbond met Abraham ingesluit was, aansienlik korter gewees het. Ongeag wie jou ouers is, ongeag hoe godsdienstig jy is, ongeag hoe jy grootgemaak is – tensy 'n persoon opnuut gebore (gewederbaar) word van bo, kan hy/sy nie die koninkryk van God ingaan nie.

Wat gebeur tydens wedergeboorte?

Daar is 'n paar dinge wat gebeur in 'n persoon se lewe wanneer hy/sy wedergebore word. Ons gaan net kortliks stilstaan by die belangrikste sake.

- Ons word verlos/gered

  *"...**het Hy ons verlos** — nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar **op grond van sy ontferming** — by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees..."* (Titus 3:5)

  *Want **uit genade is julle verlos**, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand hom op iets kan beroem nie.* (Efesiërs 2:8-9)

- Ons word vergewe

  *In Hom het ons die bevryding deur sy bloed, **die vergewing van ons oortredinge** uit die rykdom van sy genade, wat Hy oorvloedig aan ons geskenk het saam met alle wysheid en insig.* (Efesiërs 1:7-8)

  *God het ons uit die mag van die duisternis gered en verplaas na die koninkryk van sy geliefde Seun — deur wie ons bevryding, die **vergifnis van sondes** ontvang het.* (Kolossense 1:13-14)
  *Ek sal genadig wees oor hulle ongeregtighede, en **aan hulle sondes** sal Ek **glad nie meer dink** nie.* (Hebreërs 8:12)

- Ons word kinders van God

  *Want **deur die geloof** is julle almal kinders van God in Christus Jesus*... (Galasiërs 3:26)

  *Maar aan almal wat Hom **aanvaar** het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word — hulle wat **in sy Naam glo**. Hulle is **nie uit bloed nie**, ook **nie uit liggaamlike drang nie**, ook **nie uit die wil van 'n man nie**, maar **uit God gebore**.* (Johannes 1:12-13)

  Voordat 'n persoon wedergebore is, met ander woorde, voordat 'n persoon in Jesus Christus glo en gelei word deur die Heilige Gees, is daardie persoon nie 'n kind van God nie. Voor wedergeboorte leef die persoon die begeertes van die sondige aard uit. Met wedergeboorte word 'n persoon 'n kind van God. Ons word groot met die waarheid dat alle mense geskape is na die beeld van God.

  *God het gesê: "Laat Ons **mense maak na ons beeld**, as **ons afbeelding**, sodat hulle kan heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg." God het die mens geskep **na sy beeld**, **na die beeld van God** het Hy hom geskep, **manlik en vroulik** het Hy hulle geskep.* (Genesis 1:26-27)

  Ons maak dan die aanname dat omdat alle mense geskape is na die beeld van God, is alle mense ook kinders van God is. Dit is egter nie waar nie. As dit waar was, sou dit daarop neerkom dat alle mense, ongeag wat hulle glo en ongeag of hulle wedergebore is of nie, kinders van God is. **'n Mens word egter 'n kind van God deur wedergeboorte**, en nie deur natuurlike geboorte nie.

- Ons word geregverdig

  *Julle moet dus weet, broers, dat dit deur hierdie Man is dat die vergewing van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, **deur Hom geregverdig** word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie.* (Handelinge 13:38-39)

  *Daar is dan nou **geen veroordeling** vir diegene wat in Christus Jesus is nie.* (Romeine 8:1)

  *Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God **geregverdig** kon word.* (2 Korintiërs 5:21)

  *...en in Hom bevind kan word — **nie met mý geregtigheid** op grond van die wet nie, maar met die **regverdiging deur geloof in Christus**, die regverdiging **wat van God kom**, deur die geloof...* (Filippense 3:9)

  Ek hou van die Engelse woord vir "geregverdig". Dit is *"justified"*. En as'n mens die woord *"justified"* stadig sê, verstaan ons sommer ook wat dit beteken.

  "Justified".

  "Just-if-I'd..."

  "Just if I did not sin."

Deur ons geloof in Jesus Christus word ons geregverdig. En gevolglik hanteer God ons asof ons nog nooit ooit enige sonde gedoen het nie. Daar is dus nou regverdiging in Jesus. Dit is goeie nuus, want dit is onmoontlik om deur die wet van Moses, met ander woorde, deur wetsonderhouding, geregverdig te word. Die goeie nuus stop egter nie hier nie. Omdat ons geregverdig is, is daar ook geen veroordeling meer vir die wat in Jesus Christus is nie, en gevolglik is daar niks te vrees vir die oordeelsdag nie.

- Ons ontvang die Heilige Gees wat in ons kom woon

  *Of weet julle nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, 'n **tempel is van die Heilige Gees in julle** en dat julle nie aan julleself behoort nie?* (1 Korintiërs 6:19)

  *Daarom maak ek aan julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God praat, sê: "Vervloek is Jesus!" nie, en niemand kan sê: **"Die Here is Jesus!"** behalwe **deur die Heilige Gees** nie.* (1 Korintiërs 12:3)

  Dit is dus onmoontlik om Jesus te verklaar as Here en Koning, behalwe deur die Heilige Gees. Dit is onmoontlik om 'n wedergebore gelowige te wees sonder dat die Heilige Gees ontvang is. 'n Gelowige ontvang die Heilige Gees as daardie persoon tot bekering kom in Christus. Dit vind eenmalig plaas tydens wedergeboorte. Hierdie idee word versterk deur die volgende tekste.

  *"...maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, sodat Hy dié onder die wet kon loskoop, sodat ons as sy seuns aangeneem kon word. En omdat julle sy seuns is, het God **die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte**, die Gees wat roep: 'Abba, Vader!' Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun; en as jy seun is, is jy ook erfgenaam deur God."* (Galasiërs 4:4-7)

  Sonder om te veel daarop nou uit te brei, moet ons daarop let dat hierdie verwys na die ontvangs van die Heilige Gees, maar nie na die totale vervulling of bekragtiging deur die Heilige Gees nie. Ons sal hierdie onderskeid in meer detail hanteer sodra ons begin om te gesels oor die verskillende dope.

- Ons word geheilig

  *"...aan die gemeente van God in Korinthe wat in Christus Jesus **geheilig is deur God** — geroepe heiliges, saam met almal wat op elke plek die Naam van ons Here Jesus Christus aanroep, hulle Here en ons Here..."* (1 Korintiërs 1:2)

  *So was sommige van julle ook, maar julle het julle laat was, **julle is geheilig**, en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.* (1 Korintiërs 6:11)

  Heiliges verwys na mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer daar dus na gelowiges verwys word as "heiliges", verwys dit nie na hulle morele opvattings of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort. Die term heilig hou dus sterk verband met die idee van afsondering. 'n Wedergeborene is afgesonder vir diens van God. In Christus is 'n wedergeborene geheilig, en as 'n wedergebore word die pad van heiligmaking gestap.

- Ons word erfgename van God

  *Maar as ons kinders is, is ons ook erfgename — **erfgename van God** en mede-erfgename met Christus; sodat, as ons saam met Hom ly, ons ook saam met Hom verheerlik kan word.* (Romeine 8:17)

- Ons ontvang 'n nuwe natuur

  *Ons almal het destyds ook so opgetree toe ons die **begeertes van ons sondige aard** en van **ons gedagtes uitgeleef** het. Ook ons, soos al die ander, was toe **van nature kinders van die oordeel**.* (Efesiërs 2:3)

  *Daarom, as iemand in Christus is, is hy **'n nuwe skepping**. Die ou dinge het verbygegaan – kyk, hulle het nuut geword.* (2 Korintiërs 5:17)

  Tydens wedergeboorte word ons sondige natuur verwyder en ons ontvang 'n nuwe natuur deur die Heilige Gees wat in ons kom woon. Hierdie transformasie is so omvattend dat Paulus verwys na die wedergeborene as 'n nuwe skepping.

Hoe word 'n mens wedergebore?

Met alles wat tot dusver bespreek is, is daar een kardinale vraag wat oorbly: hoe word 'n mens wedergebore? Kom ons begin deur net weer te kyk na Johannes se woorde:

*Maar aan almal wat Hom [Jesus] **aanvaar** het, het Hy die reg gegee **om kinders van God te word** — hulle wat **in sy Naam glo**. Hulle is **nie uit bloed nie**, ook **nie uit liggaamlike drang nie**, ook **nie uit die wil van 'n man nie**, maar **uit God gebore**.* (Johannes 1:12-13)

Ons word dus kinders van God deur Jesus enersyds te aanvaar, en andersyds om in die Naam van Jesus te glo. Die belangrikheid van geloof kan nie genoeg beklemtoon word as dit kom by wedergeboorte nie. Sonder geloof is dit onmoontlik om 'n kind van God te word. Geloof en wedergeboorte loop hand-aan-hand.

*Broers, ek herinner julle aan die **evangelie** wat ek aan julle **verkondig** het, wat julle ook **aangeneem** het en waarin julle ook **vasstaan**; waardeur julle ook **verlos** word, mits julle **vashou aan die evangeliewoord** wat ek aan julle verkondig het — tensy julle vergeefs tot **geloof** gekom het.* (1 Korintiërs 15:1-2)

As 'n mens kyk na wat Paulus hier in die brief aan die Korintiërs skryf, dan sien ons dat daar aksie van die mens vereis word om te reageer (aangeneem, vasstaan, vashou) op God wat uitnooi (evangelie, verlos). God skenk geloof, maar God verwag ook van die gelowige om te glo. Wedergeboorte is dus nie 'n passiewe, eensydige handeling waarby die mens nie betrokke is nie. God bewerk wedergeboorte, en die gelowige neem in geloof aktief daaraan deel.

'n Tweede gedeelte van wedergeboorte en redding het te make met 'n belydenis.

Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en jy glo met jou hart dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word. Want ***met die hart glo ons****, en* ***word so regverdig verklaar****;* ***met die mond bely ons****, en* ***word so verlos****.* (Romeine 10:9-10)

Ons geloof in Jesus bewerk dus geregtigheid, maar, volgens hierdie Skrif, is daar 'n belydenis wat gemaak moet word met die mond wat verlossing bewerk. Dit bring ook meer perspektief oor Jesus se woorde in Lukas 6.

'n Goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die goeie skatkamer van sy hart, en 'n slegte mens bring die slegte voort uit die slegtheid wat in hom is; want waar die hart van vol is, loop die mond van oor." (Lukas 6:45)

'n Mens wat dus gewederbaar is, se mond sal verklap wat in sy/haar binneste gebeur het. Dit is dus een van die tekens dat iemand tot wedergeboorte gekom het. Die mens wat dus waarlik wedergeboorte ondergaan het, se taal en dit waaroor hy/sy gaan praat, verander. Hy gaan 'n getuienis of belydenis hê van wat Jesus kom doen het deur die wedergeboorte.

Noudat die eerste twee elemente op die lys mooi, asook wedergeboorte, mooi uiteengesit is, kan ons voortgaan na die onderrig oor dope.

018 290 7579
anneli@duet.org.za
ontvangs@duet.org.za
www.duet.org.za

duet GEMEENTE

Govan Mbeki Rylaan 5,
Potchefstroom, 2520
Posbus 20674, Noordbrug
Potchefstroom, 2522

Deel 4: Onderrig oor dope (Waterdoop)

Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus en voortgaan na volwassenheid, sonder om weer die fondament te lê van die bekering van dooie werke, van geloof in God, van ***onderrig oor dope****...* (Hebreërs 6:1-2)

Ons het reeds vasgestel dat ons nie onsself kan red deur ons eie werke nie, maar dat ons eerder ons geloof in God moet plaas. Hierdie geloof in God word deur liefde in dade omgesit. Die derde aspek wat ons gaan bespreek, is die onderrig oor dope.

Doop of dope?

Die Griekse woord wat hier gebruik word, is die woord "βαπτισμῶν" (baptismon). Dit word in sommige vertalings vertaal met "dope", terwyl ander dit vertaal met "reinigingsrituele". In Engels word "βαπτίζω" (baptitzo) vertaal as *"to submerge into"* of *"to immerse into"*. In Afrikaans word dit vertaal as "doop", "onderdompel" of "deurweek".

So'n paar jaar gelede was daar'n modegier, bekend as knoop-en-doop, waar'n materiaalstuk stewig geknoop is en dan in kledingverfstof gedompel is om 'n konsentriese sirkelpatroon te kry. Die feit dat ons sê die materiaalstuk is gedoop in die kleurstof, veronderstel dit was onderdompel en totaal en al deurweek. Dieselfde gedagte geld as ons sê dat ons beskuit in koffie doop. Die beskuit word totaal en al deurweek met die koffie. Dit is dus uit hierdie beskrywing van die woord "doop", dat dit duidelik is dat die persoon wat gedoop word, onderdompel word en nie net met water besprinkel word nie.

Daar is talle dope waarvan daar gepraat word in die Nuwe Testament, maar ter wille van eenvoud, gaan daar slegs gefokus word op twee van hierdie dope, naamlik die waterdoop en die doop met die Heilige Gees. In Deel 1 gaan ons kyk na die waterdoop, en in Deel 2 na die doop met die Heilige Gees.

Die Groot Opdrag

"Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, ***deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees****, en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld."* (Matteus 28:19-20)

Hy sê toe vir hulle: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie ***tot geloof gekom het en gedoop is****, sal verlos word; maar wie nie tot geloof gekom het nie, sal veroordeel word.* (Markus 16:15-16)

Hierdie woorde van Jesus word beskou as die Groot Opdrag. Die primêre opdrag aan alle gelowiges is om uit te gaan en dissipels van al die nasies te maak. Hierdie dissipels moet **gedoop** word, en dan moet hulle geleer moet word om alles te onderhou wat Jesus beveel het. Die doop is dus onlosmaaklik deel van evangelisasie en dissipelskap. 'n Mens kan nie 'n dissipel van Jesus wees en nie gedoop word nie. 'n Deurslaggewende beginsel in die waterdoop is gehoorsaamheid aan God. Dit is dan ook die patroon wat ons oor en oor in die Nuwe Testamentiese kerk kry.

Kan die waterdoop my red?

*Petrus antwoord hulle: "**Bekeer julle**, en laat elkeen van julle in die Naam van Jesus Christus **tot vergewing van julle sondes gedoop** word, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Diegene wat **sy boodskap aangeneem het**, is **gedoop** en op daardie dag is ongeveer drieduisend mense toegevoeg.* (Handelinge 2:38,41)

Iemand wat Jesus wil volg, moet wegdraai van die sonde (bekering), draai na God toe (geloof in God), en dan gedoop word. Nou, wat beteken *"tot vergewing van julle sondes gedoop"*? Beteken dit dat 'n mens slegs vergewe word as 'n mens gedoop word?

*"En nou, waarom aarsel jy nog? Staan op, laat jou **doop** en **jou sondes afwas**, terwyl jy **sy Naam aanroep**."* (Handelinge 22:16)

Ananias is hierso aan die woord en praat met Paulus. Ten eerste is dit duidelik dat Ananias vir Paulus versoek het om nie te aarsel of "te versuim" om gedoop te word nie. Tweedens bring hy die doop in verband met "afwassing van sondes". Beteken dit dat 'n mens se sondes slegs afgewas word as 'n mens gedoop word?

Wel, die kort antwoord op beide hierdie vrae sal "nee" wees. Dink aan die bekende Skrif in Romeine:

*Omdat ons dan nou **op grond van geloof** geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus.* (Romeine 5:1)

Ons kan alleenlik op grond van geloof gered kan word. Die water van die doop kan nie sondes afwas nie en kan ons nie red nie.

Die patroon in die Nuwe Testamentiese kerk

As die waterdoop ons nie kan red nie, hoekom moet gelowiges dan steeds gedoop word? Hierdie vraag word baie dikwels gevra in ons moderne samelewing. Dis wel nie 'n vraag wat die vroeë kerk gevra het nie. Soos ons deur die Nuwe Testament lees, sien ons dat persone wat wedergebore is, met ander woorde, mense wat weggedraai het van 'n lewe wat lei na die dood, en gedraai het na 'n lewe wat gebaseer is op geloof in God, gedoop is uit gehoorsaamheid aan God.

*Maar toe hulle Filippus se verkondiging van die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus **glo**, is mans sowel as vroue **gedoop**. Simon self het ook tot **geloof** gekom, en nadat hy **gedoop** is, het hy heeltyd by Filippus gebly en was verbaas om die tekens en kragtige dade te sien gebeur.* (Handelinge 8:12-13)

Die mense in Samaria het die evangelie gehoor en het op grond daarvan tot bekering gekom. Almal wat geglo het, is gedoop. 'n Paar verse verder lees ons hoe Filippus die evangelie deel met 'n eunug uit Ethiopië.

*Langs die pad kom hulle by 'n plek waar daar water is. Die eunug sê toe: "Kyk, water! Wat verhoed dat ek **gedoop** word?" Hy het opdrag gegee dat die wa moet stilhou; en hulle het albei afgeklim tot in die water, Filippus sowel as die eunug, en hy het hom **gedoop**.* (Handelinge 8:36,38)

Die evangelie is deur Filippus aan die eunug verduidelik, en daardeur het hy tot geloof in Jesus Christus gekom. Toe hy die water sien, was versoek om gedoop te word. Sy nuutgevonde geloof in Jesus Christus is bevestig deur die doop. Per geleentheid was Paulus in Filippi en dit is hier waar ons Lidia-hul ontmoet.

*'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia, wat God vereer het, het ook **geluister**, en die Here het **haar hart oopgemaak om ag te slaan** op wat Paulus gesê het. Nadat sy en haar huishouding **gedoop** is, het sy by ons aangedring en gesê: "As julle daarvan oortuig is **dat ek in die Here glo**, kom bly dan in my huis." En sy het ons oorgehaal.* (Handelinge 16:14-15)

Lidia en haar huisgesin het ag geslaan op Paulus se woorde. Hulle geloof in Christus het oorgeloop in die doop. Ons sien ook in die geval van die tronkbewaarder in Filippi dat geloof die sleutel is tot redding, maar dat daardie geloof bevestig is deur die doop.

*Hy het hulle na buite gelei en gesê: "Menere, wat moet ek doen om verlos te word?" En hulle het geantwoord: "**Glo in die Here Jesus**, en jy en jou hele huishouding **sal verlos word**." Hulle het toe die woord van die Here aan hom en almal in sy huis **verkondig**. En hy het hulle op daardie uur van die nag saamgeneem en hulle wonde gewas. **Hy en al sy mense is onmiddellik gedoop.*** (Handelinge 16:30-33)

Nadat die tronkbewaarder en die mense by hom die evangelie gehoor het, en tot geloof in Jesus Christus gekom het, is hulle onmiddellik gedoop. Daar is 'n dringendheid. Die doop is nie uitgestel nie.

Die patroon wat ons in al bogenoemde gevalle sien, is dat wedergebore volgers van Jesus Christus gedoop is na afloop van hulle wedergeboorte. Die doop in water is die sigbare voortvloeisel van geloof in God. Die enigste voorvereiste vir iemand om gedoop te word volgens die Skrif, is dat hy/sy moet glo in Jesus Christus as Here en Verlosser (wat gepaard gaan met wedergeboorte). So 'n persoon bely dus Jesus Christus as die Seun van God.

Wat beteken die doop?

Kom ons vat 'n tree terug en kyk na die voorloper tot die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, naamlik die doop van Johannes, ook bekend as die bekeringsdoop. Mense het nie tot bekering gekom toe hulle gedoop is met die bekeringsdoop nie. Persone wat rééds tot bekering gekom het, is gedoop met die bekeringsdoop. Deur die bekeringsdoop het hulle openlik verklaar dat hulle die boodskap van Johannes rakende bekering aanvaar het. Kyk gerus na hierdie Skrif om dit te bevestig:

*...so het Johannes gekom. Hy het in die woestyn gedoop en 'n **doop van bekering** met die oog op die vergewing van sondes verkondig.* (Markus 1:4)

Dieselfde beginsel geld in die geval van die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. 'n Persoon word nie wedergebore sodra hy/sy gedoop word nie. Persone wat reeds wedergebore is, word gedoop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. Deur hierdie doop verklaar die wedergeborene dat hy/sy in geloof identifiseer met Jesus Christus se dood, begrafnis en opstanding.

Hierdie idee word beklemtoon deur die volgende Skrifte:

Die doop, wat 'n teenbeeld hiervan is, red ook julle nou. Die doop dien nie as 'n verwydering van die vuilheid van die liggaam nie, maar as 'n smeekgebed tot God om 'n skoon gewete, op grond van die opstanding van Jesus Christus. (1 Petrus 3:21)

Kom ons kyk na nog ’n vertaling in die verband:

Baptism, which is symbolized by that water, now saves you also, not by removing dirt from the body, but by asking God for a clear conscience based on the resurrection of Jesus, the Messiah. (1 Petrus 3:21, ISV)

Omdat julle in die doop saam met Hom begrawe is, is julle ook saam met Hom opgewek deur die geloof in die krag van God, wat Hom uit die dood opgewek het. Ja, toe julle dood was as gevolg van julle oortredings, en julle sondige aard nog nie weggesny was nie, het Hy julle saam met Hom lewend gemaak, deurdat Hy al ons oortredings vergewe het.(Kolossense 2:12-13)

Die doop is dus ‘n teëbeeld van dit wat Jesus kom doen het deur sy dood en opstanding. Die wedergeborene verklaar dus openlik dat hy/sy nie op sy/haar eie werke staatmaak vir redding nie, maar eerder sy/haar volkome vertroue plaas in die voltooide werk van Jesus Christus. Die doop is dus eintlik ’n openbaarmaking van dit wat in die gees gebeur het toe ’n persoon wedergebore geraak het. Die doop is dus onlosmakend van wedergeboorte en bekering.

Volgende keer sal ons voortgaan en spesifiek fokus op die doop met die Heilige Gees.

Deel 5: Onderrig oor dope (Doping met die Heilige Gees)

*Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus en voortgaan na volwassenheid, sonder om weer die fondament te lê van die bekering van dooie werke, van geloof in God, van **onderrig oor dope**...* (Hebreërs 6:1-2)

Ons het reeds in Deel 1 gekyk na die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees (waterdoop). Ons lees egter ook van ’n ander doop in die Skrif.

*Ek [Johannes die Doper] doop julle wel met water met die oog op bekering, maar Hy [Jesus] wat ná my kom, is sterker as ek, en ek is nie eers werd om sy sandale vir Hom aan te dra nie. Hy sal julle **met die Heilige Gees** en met vuur **doop**.* (Matteus 3:11)

*“Ek [Johannes die Doper] het julle met water gedoop, maar Hy [Jesus] sal julle **met die Heilige Gees doop**.”* (Markus 1:8)

*Johannes het hulle egter geantwoord: “Ek doop julle wel met water, maar daar kom iemand wat sterker as ek is, en ek is nie eers werd om die riempies van sy sandale los te maak nie. Hy [Jesus] sal julle **met die Heilige Gees** en met vuur **doop**.”* (Lukas 3:16)

So, tydens die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, word ’n gelowige gedoop in water. Die doper in hierdie geval is ’n mede-gelowige. Nou kry ons te doen met die doop met die Heilige Gees. Hierso word die gelowige deur Jesus met die Heilige Gees gedoop.

Die Heilige Gees as Persoon

Dit is belangrik om te besef dat die Heilige Gees God is, net soos wat die Vader God is en die Seun God is. Die Heilige Gees is dus 'n Persoon en nie maar net 'n geestelike krag nie. Kyk byvoorbeeld na die volgende tekste waar die Heilige Gees as ’n Persoon met gelowiges praat.

*Terwyl Petrus nog nadink oor die visioen, **sê die Gees** vir hom: “Kyk, daar is drie manne wat na jou soek.”* (Handelinge 10:19)

*Toe hulle besig was om die Here te dien en te vas, het **die Heilige Gees vir hulle gesê**: “Sonder Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waartoe Ek hulle geroep het.”* (Handelinge 13:2)

*Daarom, soos **die Heilige Gees sê**: “Vandag, as julle sy stem hoor, moenie julle harte verhard soos met die opstand in die tyd van versoeking in die woestyn...”* (Hebreërs 3:7-8)

Daar sal in die toekoms meer breedvoerig uitgebrei word op die Heilige Gees as Persoon, want hierdie onderwerp regverdig ’n reeks op sy eie.

Die Heilige Gees in die Ou Testament

Daar is ’n redelike groot verskil in die werking van die Heilige Gees voor en ná die aanvanklike uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag waarvan ons lees in Handelinge 2. Daar word na die Heilige Gees verwys in die Ou Testament as die Gees van die Here. Die Gees van die Here het hoofsaaklik profete, konings en rigters bekragtig.

*Die **Gees van die HERE** het van Gideon besit geneem; hy het op die ramshoring geblaas, en die familie van Abiëser is opgeroep om hom te volg.* (Rigters 6:34)

*Die **Gees van die HERE** het van Saul gewyk...* (1 Samuel 16:14)

*Die **Gees van die HERE** spreek deur my [Dawid], sy woord is op my tong.* (2 Samuel 23:2)

Voor Pinksterdag in Handelinge 2 het die Gees van die Here nie in almal gewoon het nie. Ons weet dat die Gees wel sekere individue bekragtig het, maar dikwels was hierdie bekragtiging slegs tydelik. Kyk ook na die volgende voorbeeld van Geesvervulling in ’n voor-Pinksterdag wêreld.

*Sagaria, sy pa, is hierna **met die Heilige Gees vervul** en het geprofeteer en gesê: “Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het omgesien na sy volk en hulle bevryding bewerkstellig.”* (Lukas 1:67-68)

Die Heilige Gees was egter nog nie op hierdie stadium op alle mense uitgestort nie.

*“Hy wat in My glo, soos wat die Skrif sê, ‘Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.’ ” Dit het Hy van die Gees gesê, wat dié wat in Hom glo, sou ontvang. **Die Gees was immers nog nie daar nie**, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.* (Johannes 8:38-39)

Ons weet wel dat beide Joël en Esegiël profeteer het van ’n dag wat die Heilige Gees uitgestort sou word en binne die harte van gelowiges sou woon.

*“Ná hierdie dinge sal Ek **my Gees uitstort op alle mense**. Dan sal julle seuns en julle dogters profeteer. Julle ou mense sal drome droom, en julle jong mense sal visioene sien. Selfs op die slawe en slavinne sal Ek in daardie dae my Gees uitstort.”* (Joël 2:28-29)

*Ek sal vir julle 'n nuwe hart gee, 'n **nuwe gees** sal Ek **in julle binneste** gee; Ek sal die hart van klip uit julle liggame verwyder en vir julle 'n hart van vlees gee.* (Esegiël 36:26)

Die Heilige Gees in die Nuwe Testament

Hierdie profetiese woorde van Joël het in vervulling gegaan op Pinksterdag, 10 dae nadat Hy opgevaar het na die hemel. Jesus het immers sy dissipels die opdrag gegee om te wag in Jerusalem vir die uitstorting van die Heilige Gees.

Terwyl Hy saam met hulle was, het Hy hulle beveel: “Moenie uit Jerusalem weggaan nie, maar bly wag op die Vader se belofte wat julle van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar oor nie baie

*dae nie sal julle **met die Heilige Gees gedoop** word. Maar julle sal krag ontvang **wanneer die Heilige Gees oor julle kom**, en julle sal my getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria en tot aan die einde van die aarde."* (Handelinge 1:4-5, 8)

Hierdie belofte van Jesus het in vervulling gegaan op Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is op die eerste gelowiges.

*Tonge, asof van vuur, het aan hulle verskyn, verdeel en op elkeen van hulle neergedaal. En **almal is vervul met die Heilige Gees** en het in ander tale begin praat soos die Gees aan hulle gegee het om hardop te verklank.* (Handelinge 2:3-4)

Petrus getuig dan voor almal dat hierdie gebeurtenis die vervulling is van Joël se profesie.

"Wat hier gebeur, is deur die profeet Joël aangekondig: 'En dit sal in die laaste dae gebeur,' sê God: 'Ek sal my Gees op alle mense uitstort – julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongmense sal visioene sien, en julle ou mense sal drome droom. Ja, ook oor my slawe en slavinne sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal bo in die hemel wonders bewerk en tekens onder op die aarde: bloed en vuur en rookwolke. Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom. Dan sal elkeen wat die Naam van die Here aanroep, verlos word.' " (Handelinge 2:16-21)

Om dit eenvoudig te hou, gaan ons onderskeid tref tussen twee konsepte. Doping met die Heilige Gees kan verwys na een van twee gebeurtenisse. Enersyds kan dit verwys na die ontvangs van die Heilige Gees. Hierdie gebeur eenmalig en hou verband met wedergeboorte en 'n insluiting in die liggaam van Christus.

Andersyds kan dit verwys na vervulling of doping met die Heilige Gees. Hierdie doping of vervulling vind nie net eenmalig plaas nie. Tydens vervulling of doping met die Heilige Gees word die gelowige (wat reeds die Heilige Gees ontvang het) bekragtig om as lewende getuie te kan lewe hier op aarde.

Ontvangs van die Heilige Gees

Wanneer ontvang 'n mens die Heilige Gees: voor of ná 'n mens tot geloof gekom het in Jesus Christus? 'n Gelowige ontvang die Heilige Gees as daardie persoon tot bekering kom in Christus. Dit vind eenmalig plaas tydens wedergeboorte. Hierdie idee word versterk deur die volgende tekste.

*"...maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, sodat Hy dié onder die wet kon loskoop, sodat ons as sy seuns aangeneem kon word. En omdat julle sy seuns is, het God **die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte**, die Gees wat roep: 'Abba, Vader!' Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun; en as jy seun is, is jy ook erfgenaam deur God."* (Galasiërs 4:4-7)

*Julle het immers nie 'n Gees ontvang wat verslawing bring, sodat julle weer bang hoef te wees nie; nee, **julle het die Gees ontvang** wat bevestig dat ons as kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons "Abba, Vader!" Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.* (Romeine 8:15-16)

*...het Hy ons verlos — nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming — by wyse van die afwassing deur die weergeboorte **en vernuwing deur die Heilige Gees**, wat Hy*

ryklik oor ons uitgegiet het deur Jesus Christus, ons Verlosser. So het ons, geregverdig deur sy genade, erfgename geword van die ewige lewe waarop ons hoop. (Titus 3:5-7)

Tydens wedergeboorte word ons kinders van God. Op die punt wat 'n mens 'n kind van God word, ontvang daardie kind van God die Heilige Gees.

*Want **deur die geloof** is julle almal **kinders van God** in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek.* (Galasiërs 3:26-27)

Doping of vervulling met die Heilige Gees

Gelowiges wat reeds die Heilige Gees ontvang het, moet ook vervul of gedoop word met die Heilige Gees. Tydens doping of vervulling met die Heilige Gees word gelowiges bekragtig vir die taak op hande. Die dissipels moes wag om vervul/gedoop te word met die Gees voordat hulle as bedienaars van die Evangelie in die wêreld inbeweeg het. Die Gees het hulle bekragtig met vrymoedigheid om die Evangelie te verkondig. Verder sien ons duidelik dat 'n dissipel soos Petrus ook ná die doping met die Gees die Woord kon weergee en uitlê. Dit is presies in lyn met die woorde van Jesus etlike ure voor sy kruisiging:

"Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het." (Johannes 14:26)

Elke gelowige word geroep om binne God se koninkryk en binne die liggaam sy/haar plek te vind om te bedien. Kyk na Jesus se woorde aan sy dissipels etlike ure voordat Hy verraai is:

"Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie in My glo, hy sal ook die werke doen wat Ek doen, en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader gaan." (Johannes 14:12)

Dit is duidelik dat ons nie uit ons vlees die werke van Jesus kan doen nie. Die vervulling met die Heilige Gees is nodig sodat gelowiges bonatuurlike, kragtige gawes kan ontvang waarmee die werke van Jesus gedoen kan word.

Die volgende gebeure wat in Samaria afgespeel het, wys vir ons dat gelowiges die Heilige Gees ontvang het (doping in Christus) sonder dat hulle gedoop of vervul is met die Heilige Gees (vervulling met die Heilige Gees).

*Toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes daarheen gestuur. Hulle het gegaan en vir hulle gebid **dat hulle die Heilige Gees mag ontvang**, want Hy het toe nog op niemand van hulle neergedaal nie; hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. Hierna het die apostels hulle die hande opgelê en hulle het die Heilige Gees ontvang.* (Handelinge 8:14-17)

Hierdie Samaritane was wedergebore gelowiges. Hulle was kinders van God en het dus reeds die Heilige Gees ontvang. Hierdie gelowige Samaritane het hulle geloof in Christus in die openbaar bevestig deur hulle te laat doop in water.

Maar toe hulle Filippus se verkondiging van die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus glo, is mans sowel as vroue gedoop. (Handelinge 8:12)

Petrus en Johannes het dus gelowiges wat reeds die Heilige Gees ontvang het, die hande opgelê sodat hulle vervul kan word met die Heilige Gees. Hoe dit presies gelyk het hier in Samaria, weet ons nie, want die teks sê nie vir ons iets daaroor nie. Ons sien wel dat die ontvangs van die Heilige Gees, en die doping of vervulling met die Heilige Gees twee aparte gebeurtenisse was.

Meermalige doping of vervulling met die Heilige Gees

Anders as met die ontvangs van die Heilige Gees, vind doping of vervulling met die Heilige Gees meermalig plaas. Hierdie vervulling of doping gaan gewoonlik gepaard met sigbare tekens, maar daar is nie ’n vaste patroon wat herhaal word nie. Vervulling of doping met die Heilige Gees kan dus verskillend lyk.

Terwyl hulle gebid het, is die plek waar hulle bymekaar was, geskud en almal is ***vervul met die Heilige Gees*** *en het die* ***woord van God*** *met* ***vrymoedigheid verkondig****.* (Handelinge 4:31)

Baie van die gelowiges wat hier teenwoordig was, was ook vervul met die Heilige Gees op Pinksterdag. So, ons kan hieruit aflei dat die vervulling met die Gees nie eenmalig is nie, maar meermalig plaasvind. Hoe dit presies gelyk het, weet ons weereens nie. Ons kan sien dat die gelowiges bekragtig is om die woord van God te verkondig. Die sigbare teken van die vervulling was die gelowiges se vrymoedigheid.

En moenie deur wyn bedwelm raak nie; daardeur ontstaan losbandigheid. Inteendeel: ***Word vervul deur die Gees****...* (Efesiërs 5:18)

Hierdie woorde van Paulus aan die Efesiërs beklemtoon weereens die meermalige aard van vervulling met die Heilige Gees. Onthou, hy rig hierdie brief aan gelowiges wat reeds die Heilige Gees ontvang het. Hy moedig wedergebore gelowiges aan: word vervul deur die Gees!

Hoe vind doping met die Heilige Gees plaas?

Hoe lyk vervulling of doping met die Heilige Gees?

- Soms is mense bekragtig om met vrymoedigheid die woord te verkondig soos in Jerusalem (Handelinge 4)
- Soms gee die Skrif nie enige detail inligting nie soos in Samaria (Handelinge 8)
- Soms spreek mense in tale en begin profeteer soos in Efese (Handelinge 19)

Die teken van die doping of vervulling met die Heilige Gees kan dus verskil van geleentheid tot geleentheid. Dit is wel duidelik dat daar ’n verandering plaasgevind het in die lewens van die gelowiges. In baie gevalle hou die vervulling met die Heilige Gees verband met die ontvangs van een of meer gawes van die Gees, soos ons kan aflei vanuit Paulus se eerste brief aan die Korintiërs.

Daar is 'n verskeidenheid genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is 'n verskeidenheid dienste, maar dit is dieselfde Here; en daar is 'n verskeidenheid aktiwiteite, maar dit is dieselfde God wat al hierdie dinge in

almal bewerk. Aan elkeen egter word die openbaring van die Gees gegee, met die oog op wat bevorderlik is: Aan een word 'n woord van wysheid deur die Gees gegee, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; aan een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander gawes van genesing deur die één Gees; aan een dinamiese kragte, aan 'n ander weer die gawe van profesie; aan een die onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende soorte tale, en aan nog 'n ander die uitleg van tale. Een en dieselfde Gees bewerkstellig al hierdie dinge, wat Hy aan elkeen afsonderlik uitdeel volgens sy wil. (1 Korintiërs 12:4-11)

Ons sien dus hieruit dat gelowiges wat met die Gees vervul is, gawes ontvang ten einde die werk te kan doen wat God wil hê ons moet doen. In die meerderheid van die gevalle is gelowiges die hande opgelê ten einde vervul te word met die Heilige Gees, maar dan was daar ook ’n geleentheid in Caesarea Maritima waar die Heilige Gees op gelowiges uitgestort is terwyl Petrus besig was om te preek.

Petrus was nog aan die woord toe die Heilige Gees op almal wat na die toespraak luister, neerdaal. Die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was uiters verbaas dat die gawe van die Heilige Gees selfs op die heidene uitgestort is. Hulle het immers gehoor hoe hulle in tale spreek en God loof. Toe sê Petrus: “Niemand kan tog verhinder dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, met water gedoop word nie?” En hy het opdrag gegee dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop word. Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae aan te bly. (Handelinge 8:44-48)

Is daar ’n volgorde van die dope?

Ons weet dat die Heilige Gees ontvang word tydens wedergeboorte. Dit sluit 100% aan by die eerste twee aspekte op ons lys, naamlik bekering van dooie werke en geloof in God. Dan is daar twee dope van belang, naamlik die waterdoop en die kragtige vervulling met die Heilige Gees. In die meerderheid van die gevalle is persone eers in water gedoop, en daarna vervul met die Heilige Gees, maar daar is ’n enkele uitsondering op hierdie reël, naamlik Cornelius en die mense saam met hom.

Petrus was nog aan die woord toe die Heilige Gees op almal wat na die toespraak luister, neerdaal. Die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was uiters verbaas dat die gawe van die Heilige Gees selfs op die heidene uitgestort is. Hulle het immers gehoor hoe hulle in tale spreek en God loof. Toe sê Petrus: ***“Niemand kan tog verhinder dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, met water gedoop word nie?”*** *En hy het opdrag gegee dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop word. Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae aan te bly.* (Handelinge 10:44-48)

Die goeie nuus, wat dalk té min gesê word, is dat die vervulling met die Heilige Gees nie net eenmalig plaasvind nie, maar dat ons opgeroep word en uitgenooi word om op ’n gereelde basis te vra vir vervulling met die Heilige Gees.

Volgende keer sal ons verder gesels oor die vierde aspek op ons lys, naamlik die oplegging van hande.

Deel 6: Oplegging van hande

Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus en voortgaan na volwassenheid, sonder om weer die fondament te lê van die bekering van dooie werke, van geloof in God, van onderrig oor dope, ***oplegging van hande****...* (Hebreërs 6:1-2)

Ons het reeds breedvoerig gesels in die vorige deel oor doping of vervulling met die Heilige Gees. In sommige van die tekste waarna ons gekyk het, het ons gesien dat gelowiges die hande opgelê is. Die oplegging van hande is nie ’n vreemde konsep in die Bybel nie, en ons lees daarvan in beide die Ou en die Nuwe Testament.

Hande-oplegging in die Ou Testament

Soos jy deur die volgende Ou Testamentiese tekste lees, sien hoe hande-oplegging baie nouliks verband hou met ’n seën wat uitgespreek word, of met ’n bekragtiging of ’n bevestiging in ’n bepaalde amp of rol.

Israel steek toe sy ***regterhand*** *uit en plaas dit* ***op Efraim se kop*** *— terwyl hy die jongste was — en plaas sy* ***linkerhand op Manasse se kop****. Hy het sy arms gekruis, alhoewel Manasse die eersgeborene was.* (Genesis 48:14)

Efraim het in hierdie oomblik ’n seën ontvang wat Manasse nie ontvang het nie. Hande-oplegging was dus nie maar net ’n kulturele aksie nie, maar het bepaalde implikasies gehad met betrekking tot die toekoms van die persone wat die seën ontvang het, sowel as hul nageslagte.

Jy moet die Leviete tot voor die HERE laat naderkom en dan moet die Israeliete ***hulle hande op die Leviete lê****.* (Numeri 8:10)

Die HERE het vir Moses gesê: “Neem Josua, seun van Nun, 'n man met geesdrif, en ***lê jou hande op hom****.”* (Numeri 27:18)

Josua, die seun van Nun, was vervul met 'n gees van wysheid, omdat Moses ***sy hande op hom gelê het****. Die Israeliete het na hom geluister, soos die HERE Moses beveel het.* (Deuteronomium 34:9)

Hande-oplegging in die Nuwe Testament (voor die uitstorting van die Heilige Gees)

Soos ons die Nuwe Testament bestudeer, sien ons hoe die Seun van God nou tussen mense beweeg. Hy lê gereeld mense die hande op. In sekere gevalle doen Jesus dit om mense te seën, en ander kere om hulle te genees.

Hy was nog besig om dié dinge aan hulle te sê, en kyk, daar kom 'n sekere leier aan, kniel voor Hom en sê: “My dogter het pas gesterf, maar ***kom lê u hand op haar****, en sy sal leef.”* (Matteus 9:18)

Toe het Jesus hulle oë ***aangeraak*** *en gesê: “Laat met julle gebeur soos julle glo.” En hulle oë is geopen.* (Matteus 9:29-30)

*Toe is kindertjies na Jesus gebring, sodat Hy hulle **die hande kon oplê** en vir hulle bid. Maar die dissipels het hulle berispe. Jesus het egter gesê: "Laat die kindertjies begaan, en moet hulle nie meer verhinder om na My te kom nie, want die koninkryk van die hemele behoort aan mense soos hulle." Hy het hulle toe **die hande opgelê** en daarvandaan vertrek.* (Matteus 19:13-15)

*Jesus het hom innig jammer gekry, **sy hand uitgesteek, hom aangeraak** en vir hom gesê: "Ek wil, word rein!"* (Markus 1:41)

*En Hy kon nie 'n enkele kragtige daad daar verrig nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes gesond gemaak het **deur hulle die hande op te lê**.* (Markus 6:5)

*Hulle bring toe iemand wat doof was en met 'n spraakgebrek na Hom, en smeek Hom om die man **die hande op te lê**.* (Markus 7:32)

*Hulle kom toe in Betsaida aan. Die mense het 'n blinde man na Jesus gebring en Hom gesmeek om hom **aan te raak**. Toe vat Hy die blinde man aan die hand en lei hom uit die dorp uit weg. En nadat Hy op sy oë gespoeg en **sy hande op hom geplaas het**, vra Hy hom: "Sien jy iets?" Die man het opgekyk en gesê: "Ek sien die mense. Ek sien hulle rondloop soos bome." Daarop sit Jesus **weer sy hande oor die man se oë**, en het sy oë oopgemaak, en hy was genees en kon alles duidelik sien.* (Markus 8:22-25)

*Teen sononder het almal hulle siekes, wat aan allerhande kwale gely het, na Hom gebring. Hy het hulle een vir een **die hande opgelê** en hulle gesond gemaak.* (Lukas 4:40)

*Daarna het Hy **sy hande op haar gelê**, en sy het dadelik regop gekom en God geloof.* (Lukas 13:13)

In die meerderheid van die gevalle, sien ons hoe Jesus mense die hande opgelê het vir genesing. Dit was ook nie iets vreemd vir die mense nie, want in sommige gevalle sien ons hoe hulle Jesus pertinent vra om iemand die hande op te lê. Hulle het dus iets verstaan van hande-oplegging en genesing. Ons sien wel dat hande-oplegging ook met seën gepaard gaan waar Jesus die kindertjies die hande opgelê het.

Hande-oplegging in die Nuwe Testament (ná die uitstorting van die Heilige Gees)

Nadat Jesus opgevaar het na die hemel, en nadat die Heilige Gees uitgestort is op Pinksterdag, sien ons steeds dat hande-oplegging voorkom in die vroeë kerk. In sekere gevalle sien ons genesing wat plaasvind deur hande-oplegging, terwyl ons in ander gevalle sien hoe gelowiges binne sekere ampte en rolle bevestig is deur hande-oplegging. Dan is daar ook gevalle waar gelowiges gedoop of vervul is met die Heilige Gees juis nadat hulle die hande opgelê is. Kom ons kyk een-vir-een na hierdie aspekte.

Genesing

*"...en op siekes sal hulle **die hande lê** en hulle sal gesond word."* (Markus 16:18)

Toe sê die Here vir hom: "Maak gereed en gaan na die straat bekend as Reguitstraat en vra in die huis van Judas na iemand uit Tarsus met die naam Saulus. Want kyk, hy is besig om te bid en het in 'n visioen gesien

*dat 'n man met die naam Ananias binnekom en hom **die hande oplê om hom weer te laat sien**."* (Handelinge 9:11-12)

*Dit het so gebeur dat Publius se pa siek aan koors en diarree in die bed gelê het. Paulus het na hom gegaan en vir hom gebid, **sy hande op hom gelê** en hom gesondgemaak.* (Handelinge 28:8)

Bevestiging in bepaalde ampte/rolle of uitstuur vir 'n bepaalde bediening/roeping

Die voorstel het by die hele groep byval gevind en hulle het vir Stefanus, vol van geloof en die Heilige Gees, en ook Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaus, 'n proseliet uit Antiogië, gekies. Hulle het hierdie manne aan die apostels voorgestel, en die apostels het vir hulle gebid en hulle die hande opgelê. (Handelinge 6:5-6)

*Toe hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees vir hulle gesê: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waartoe Ek hulle geroep het." Toe die gemeente klaar gevas en gebid het, het hulle hulle **die hande opgelê** en weggestuur.* (Handelinge 13:2-3)

Vervulling met die Heilige Gees en ontvangs van gawes

*Hierna het die apostels hulle **die hande opgelê** en hulle het die Heilige Gees ontvang.* (Handelinge 8:17)

*Ananias het toe vertrek, en die huis binnegegaan en hom **die hande opgelê** met die woorde: "Saul, broer, die Here het my gestuur — Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het — sodat jy **weer kan sien** en **met die Heilige Gees vervul kan word**." En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval.* (Handelinge 9:17-18)

*Nadat hulle dit gehoor het, is hulle in die Naam van die Here Jesus gedoop. Paulus het hulle die **hande opgelê** en die Heilige Gees het oor hulle gekom, en hulle het in tale gespreek en geprofeteer.* (Handelinge 19:5-6)

*Moenie die genadegawe in jou verwaarloos wat deur profesie aan jou geskenk is toe die raad van ouderlinge **jou die hande opgelê het** nie.* (1 Timoteus 4:14)

*Om hierdie rede herinner ek jou om die genadegawe van God wat in jou is deurdat ek jou **die hande opgelê** het, opnuut aan te vuur.* (2 Timoteus 1:6)

Die konsep van hande-oplegging was dus glad nie 'n vreemde konsep in die vroeë kerk nie. Alhoewel dit nie altyd dieselfde patroon gevolg het nie, sien ons 'n paar gevalle waar genesing en Geesvervulling met hande-oplegging plaasgevind het. Dit is wel opvallend dat, net soos in die Ou Testament, hande-oplegging 'n baie prominente rol gespeel het in die bevestiging van individue in bepaalde ampte binne die kerk. Hierdie bevestiging was 'n openbare verklaring. Daar word selfs 'n vermaning deur Paulus gegee rakende hande-oplegging.

*Moenie iemand oorhaastig die **hande oplê** en moenie deel kry aan iemand anders se sondes nie; hou jouself rein.* (1 Timoteus 5:22)

Hierdie woorde is geskryf in die konteks van die aanstelling van ouderlinge. Paulus is duidelik besig om vir Timoteus te waarsku om nie oorhaastig te wees om sekere mense as ouderlinge aan te stel nie. Dit is merkwaardig dat die aanstelling van amps-posisies in die kerk so nou gepaardgaan met hande-oplegging dat Paulus na die aanstellingsproses verwys as "hande oplê". Soos vantevore genoem is, het Timoteus hierdie gebruik baie goed verstaan omdat hy self die krag en belang daarvan beleef het.

As die leierskap in die kerk dus iemand die hande oplê, is hulle besig om formeel hulle goedkeuring te verleen aan daardie persoon. Dit maak dus sin dat Paulus hierdie waarskuwing rig, want deur hande-oplegging is daar ook 'n mate van aanspreeklikheid wat gedeel word rakende die vrug, of gebrek aan vrug, in daardie persoon se lewe. Timoteus word dus eksplisiet gewaarsku om nie mense die hande op te lê wat in sonde lewe nie, want dan word daar so te sê gedeel in daardie sondes. Hande-oplegging het dus in hierdie geval 'n tweeledige doel. Aan die een kant stuur hulle die persoon uit vir 'n bepaalde rol of diens, maar aan die anderkant beveel hulle ook daardie persoon aan vir die mense wat hy of sy gaan bedien.

Hande-oplegging in die hedendaagse kerk

Hande-oplegging is steeds van toepassing vandag. Die redes vir hande-oplegging het ook nie verander in die laaste 2000 jaar nie. Hande-oplegging sal nog steeds plaasvind in gevalle waar persone genesing of vervulling met die Heilige Gees verlang. Daar is genoegsaam voorbeelde in die Skrif waar genesing en vervulling met die Heilige Gees **met óf sonder hande-oplegging** plaasgevind het.

So, soms gaan genesing gepaard met hande-oplegging, en soms nie. Soms gaan vervulling met die Heilige Gees gepaard met hande-oplegging, soms nie. Maar, dit is baie belangrik dat ons nie die belang wat die Skrif plaas op hande-oplegging moet minag nie. Op die einde het God tog die mens aangestel om as draers van sy outoriteit op aarde te wandel. Dit is dus 'n onlosmakende realiteit van God se koninkryk dat Hy mense wil gebruik om deur hande-oplegging hierdie heerskappy ten toon te stel deur middel van genesing, seëninge, bekragtiging en die aanstelling van mense in ampte. Hande-oplegging dien baie keer ook as die "fisieke uitbeelding" van dit wat in die gees bekend gemaak is. Die Gees wys iemand aan vir 'n sekere amp of taak, en dan kom mense en bevestig dit deur hande-oplegging en gebed.

Volgende keer sal ons verder gesels oor die vyfde aspek op ons lys, naamlik die opstanding uit die dood.

018 290 7579
anneli@duet.org.za
ontvangs@duet.org.za
www.duet.org.za

duet GEMEENTE

Govan Mbeki Rylaan 5,
Potchefstroom, 2520
Posbus 20674, Noordbrug
Potchefstroom, 2522

Deel 7: Opstanding uit die dood

Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus en voortgaan na volwassenheid, sonder om weer die fondament te lê van die bekering van dooie werke, van geloof in God, van onderrig oor dope, oplegging van hande, ***opstanding uit die dood****...* (Hebreërs 6:1-2)

Die tweede laaste aspek op ons lys waarna ons gaan kyk, is die opstanding uit die dood.

Opstanding uit die dood in die Ou Testament

Daar is drie duidelike voorbeelde in die Ou Testament van mense wat uit die dood uit opgestaan het.

Toe het hy hom drie keer bo-oor die kind uitgestrek en tot die HERE geroep en gesê: "HERE my God, laat die lewe van hierdie kind asseblief na hom terugkeer." Die HERE het geluister na Elia se smeekbede, en ***die lewe*** *van die kind* ***het na hom teruggekeer****, en hy het* ***geleef****.* (1 Konings 17:17-24)

Toe Elisa by die huis aankom, daar lê die seun dood, op sy bed neergelê. Hy het ingegaan, die deur agter hulle twee gesluit en tot die HERE gebid. Toe klim hy op die bed, gaan lê op die kind en plaas sy mond teen die kind se mond, sy oë teen sy oë en sy palms teen sy palms, en buig so oor hom. Die kind se ***liggaam het warm geword****. Elisa het toe nog 'n keer heen en weer geloop in die vertrek, op die bed geklim en oor hom gebuig. Die seun het* ***sewe keer genies****.* (2 Konings 4:32-35)

Terwyl mense besig was om 'n man te begrawe, sien hulle skielik die bende. Hulle gooi toe die man in die graf van Elisa en gee pad. Toe die man aan Elisa se beendere raak, het hy ***lewendig geword*** *en regop gaan staan.* (2 Konings 13:21)

Dit is die enigste eksplisiete gevalle waar iemand uit die dood uit opgewek is. Dit is dus te verstane dat binne die Joodse wêreld, daar nie juis gehoop is op enige vorm van opstanding uit die dood nie. Selfs die persone wat in hierdie drie Ou Testamentiese gevalle uit die dood uit opgewek is, het weer gesterf.

Die Joodse wêreldbeskouing op die opstanding uit die dood

Die Joodse wêreldbeskouing rakende die opstanding uit die dood en 'n ewige lewe word mooi aangetoon in die volgende verse.

Want die lot van mense en die lot van diere — vir hulle is daar net een lot. Soos die een sterf, so sterf die ander — hulle het almal dieselfde lewensasem. 'n Voordeel van die mens bo die dier bestaan nie, want alles is sinloos. Alles gaan na een plek toe. Alles kom uit die stof en alles keer terug na die stof. (Prediker 3:19-20)

Dit is die slegte by alles wat onder die son gebeur: dat daar een lot is vir almal; ook dat die hart van mense vol boosheid is, en dat domheid in hulle harte is gedurende hulle lewe; en daarna — na die dooies! Maar vir wie nog by al die lewendes is, is daar hoop. Ja, 'n lewendige hond is beter as 'n dooie leeu. Die lewendes weet immers dat hulle sal sterf, maar die dooies weet niks nie; daar is vir hulle geen verdere beloning nie. Ja, die herinnering aan hulle het vervaag... (Prediker 9:3-5)

Maar 'n man sterf en is magteloos; 'n mens kom om — en waar is hy dan? Water verdwyn uit 'n see, en 'n rivier droog op en lê uitgedor; so gaan lê 'n mens en staan nie weer op nie. Tot die hemel nie meer daar is nie, word hulle nie wakker nie, word hulle nie wakker gemaak uit hulle slaap nie. (Job 14:10-12)

Waarlik, in die dood kan u gevierde Naam nie aangeroep word nie. Wie kan U in die doderyk loof? (Psalm 6:5)

Hierdie verse is baie somber en laat geen greintjie hoop van die opstanding uit die dood deurskemer nie. Die Joodse wêreldbeskouing was aanvanklik een wat neergekom het op een lewe op aarde, gevolg deur 'n ewigheid in die doderyk. In Hebreeus word na die doderyk verwys as שְׁאוֹל (uitgespeek "Sheol"). Hierdie uitkyk het egter verander rondom die tyd van die Babiloniese ballingskap.

*Baie van hulle wat slaap in die stof van die aarde, sal wakker word — sommige vir die **ewige lewe**, en ander tot skande, tot **ewige afsku**.* (Daniël 12:2)

*Jou dooies sal leef, Israel; hulle **lyke sal opstaan**. Word wakker en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is 'n hemelse dou, en die aarde sal aan skimme geboorte gee.* (Jesaja 26:19)

Hier kry ons 'n radikale verandering in die sienswyse van die Joodse godsdiensbeoefening. Vir die eerste keer kry ons te doen met konsepte soos die opstanding uit die dood, die ewige lewe en die ewige dood (afsku).

Opstanding uit die dood in die Nuwe Testament

In die tyd van Jesus vind ons 'n samelewing wat baie verdeeld is op hierdie standpunt. Die Sadduseërs (wat slegs in die eerste vyf boeke van die Ou Testament geglo het) en die Fariseërs (wat die hele Ou Testament as die Woord van God aanvaar het) verskil loodreg van mekaar oor die opstanding uit die dood. Die Dinsdag voordat Jesus gekruisig is, wys Hy die Sadduseërs se dwaalleer uit. Jesus doen dit juis deur aan te haal uit die eerste vyf boeke van die Ou Testament.

*"En wat die **opstanding van die dooies** betref, het julle nie gelees wat God aan julle gesê het nie, 'Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob.'? Hy is nie die God van dooies nie, maar van lewendes."* (Matteus 22:31-32)

Duidelik het hulle aangegaan met hierdie dwaalleer, want hulle het steeds daardie standpunt gehuldig toe Paulus 'n paar jaar later verhoor is deur die Sanhedrin.

*Omdat Paulus geweet het dat sommige van hulle Sadduseërs was en ander Fariseërs, het hy in die Sanhedrin uitgeroep: "Manne, broers, ek is 'n Fariseër, die seun van Fariseërs! Op grond van die verwagting van die opstanding van die dooies word ek verhoor." Toe hy dit sê, het daar 'n stryery tussen die Fariseërs en die Sadduseërs ontstaan en die vergadering het verdeeld geraak. Want **die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie**, en ook nie engele of geeste nie, terwyl die **Fariseërs bely dat dit alles bestaan**.* (Handelinge 23:6-8)

Sommige Jode het dus geglo in die opstanding uit die dood, terwyl ander geglo het dat daar geen opstanding uit die dood was nie. In hierdie verdeelde wêreld kom Jesus en wek ten minste drie mense uit die dood uit op.

Hy neem toe die kindjie se hand en sê vir haar, "Talita koem!", wat, as dit vertaal word, beteken 'Dogtertjie, Ek sê vir jou: Staan op!' Dadelik het die dogtertjie ***opgestaan*** *en begin loop.* (Markus 5:41-42)

Hy het nadergegaan en aan die draagbaar geraak, en die draers het gaan staan. Toe sê Hy: "Jongman, Ek sê vir jou, staan op!" ***Die dooie het regop gesit*** *en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee.* (Lukas 7:14-15)

En nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: "Lasarus, kom uit!" ***Die oorledene het uitgekom****. Sy voete en hande was met grafdoeke vasgebind en sy gesig met 'n kopdoek toegedraai. Jesus sê vir hulle: "Maak hom los en laat hom gaan."* (Johannes 11:43-44)

Jesus het dus volmag op aarde gehad om dooies op te wek. Maar, al is hierdie drie persone uit die dood uit opgewek, sou hulle weer sterf, nes die drie mense wat in die Ou Testament uit die dood opgewek is, weer sou sterf.

Het hulle Jesus werklik geglo?

Jesus was egter nie net die Een wat dooies kon opwek op aarde nie, maar Hy is die opstanding en die lewe self. Net voordat Hy vir Lasarus uit die dood uit opgewek het, het Hy die volgende gesprek met Martha:

*Jesus het vir haar gesê: "****Ek is die opstanding en die lewe****. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf; en elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie. Glo jy dit?" Sy sê vir Hom: "Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, Hy wat na die wêreld kom."* (Johannes 11:25-27)

Martha het inderdaad geglo dat Jesus die Christus is, maar al het sy "ja" op Jesus se vraag geantwoord, het sy nie regtig geglo op hierdie tydstip dat Jesus die opstanding en die lewe is nie.

Hoekom sê ek so?

Wel, kyk na Martha se reaksie in die volgende vers.

Jesus het gesê: "Vat die klip weg." Martha, die suster van die oorledene, sê toe vir Hom: "Here, hy ruik reeds, want dit is al die vierde dag." (Johannes 11:39)

As Martha regtig geglo het soos wat sy deur haar woorde probeer aandui het, sou sy die heel eerste een gewees het om die klip te probeer wegrol. Maar die realiteit van dood het steeds die groter realiteit van die opstanding uit die dood in haar getroef. Hierdie ongeloof was ook teenwoordig met Jesus se kruisiging.

Daar is ander voorbeelde in die Bybel wat vir ons toon dat die mense nie werklik geglo het dat Jesus uit die dood uit sou opstaan nie, al het Hy dit ook vooraf vir hulle gesê.

Teen dagbreek, op die eerste dag van die week, het hulle na die graf gegaan met die geurige speserye wat hulle voorberei het. Hulle het ontdek dat die klip van die graf weggerol was; en toe hulle ingaan, het hulle die Here Jesus se liggaam nie gekry nie. Hulle was verward hieroor, maar skielik het daar twee mans met glansende klere by hulle gestaan. (Lukas 24:1-4)

Hoekom het die vroue met geurige speserye by die graf opgedaag? En hoekom was hulle verward toe hulle ontdek die klip is weggerol en Jesus se liggaam is nie daar nie?

Want hulle het nie 'n **opgestane Jesus** verwag nie, maar 'n lyk wat behandel moes word met geurige speserye. As hulle werklik geglo het dat Jesus uit die dood opgestaan het, sou hulle sonder speserye daar opgedaag het, en letterlik gewag het vir Jesus om opgewek te word uit die dood. Die dissipels, wat drie jaar saam met Jesus op aarde was, het slegter as die vroue gevaar.

*...maar vir die apostels het hierdie woorde na **leë praatjies** geklink, en hulle het die vroue **nie geglo nie**. Petrus egter het opgestaan en na die graf gehardloop. Toe hy vooroor buk, sien hy net die linnedoeke. En hy het teruggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.* (Lukas 24:11-12)

*Terwyl hulle nog besig was om oor hierdie dinge te praat, staan Hy self tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!" **Verskrik en beangs**, het hulle gedink dat hulle **'n gees** sien. Maar Hy sê vir hulle: "Waarom is julle ontsteld, en waarom kom daar **twyfel in julle harte** op?"* (Lukas 24:36-38)

*Daarna het Hy vir hulle gesê: "Dit was my woorde wat Ek tot julle gerig het toe Ek nog saam met julle was, dat alles wat in die Wet van Moses en die Profete en die Psalms oor My geskryf is, vervul moet word." Daarop het Hy hulle verstand daarvoor geopen om die Skrifte te verstaan, en vir hulle gesê: "So staan geskryf dat die Christus moet ly en **op die derde dag uit die dood opstaan**, en dat in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies verkondig moet word. Julle moet by Jerusalem begin, en getuies van hierdie dinge wees. En kyk, Ek sal die belofte van my Vader na julle stuur. Maar bly julle in die stad totdat julle met krag uit die hoogte toegerus word."* (Lukas 24:44-49)

Die dissipels het nie die verwagting gekoester dat Jesus uit die dood uit sou opstaan nie. Hulle ongeloof en twyfel is duidelik sigbaar. Hulle het, nes die vroue, **die Lewende gesoek tussen die dooies**. En selfs toe Jesus aan hulle verskyn, was hulle eerste reaksie nie een van lofprysing en aanbidding weens Jesus se opstanding nie, maar eerder een van vrees, want hulle het Jesus vir 'n gees aangesien.

Jesus se opstanding: 'n Historiese feit

Een van die mooiste hoofstukke in die Nuwe Testament rakende die opstanding uit die dood, vind ons in 1 Korintiërs 15. Paulus begin deur te stel dat Jesus se opstanding 'n historiese feit is.

Christus het vir ons sondes gesterf volgens die Skrifte, Hy is begrawe en op die derde dag opgewek volgens die Skrifte, en Hy het aan Sefas verskyn, en toe aan die twaalf. Daarna het Hy aan meer as vyfhonderd broers tegelyk verskyn, van wie die meeste nou nog leef maar sommige al ontslaap het. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. As die laaste van almal het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn. (1 Korintiërs 15:3-8)

Jesus se opstanding: Die fondasie van ons geloof

Paulus gaan dan voort en lig die belangrikheid van die opstanding vir ons uit. Kyk na die volgende verse.

- *As daar geen opstanding van dooies is nie, is Christus ook nie opgewek nie.* (1 Korintiërs 15:13)

- *En as Christus nie opgewek is nie, is ons verkondiging sinloos, en ook julle geloof sinloos.* (1 Korintiërs 15:14)
- *En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof vergeefs en is julle steeds in julle sondes.* (1 Korintiërs 15:17)
- *Dan is ook diegene wat in Christus ontslaap het, verlore.* (1 Korintiërs 15:18)

Maar, Christus ís uit die dood uit opgewek. So, ons kan verklaar saam met Paulus dat juis omdat Christus uit die dood uit opgewek is:

- Daar'n opstanding van die dooies is;
- Ons verkondiging van die Goeie Nuus betekenisvol;
- Ons geloof betekenisvol en nie vergeefs is nie;
- Ons nie meer in ons sondes vasgevang nie;
- Dié wat in Christus ontslaap, nie verlore nie, maar gered.

Maar nou, Christus ís opgewek uit die dood — die eersteling van die ontslapenes. Want aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens. Want soos almal deur Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. (1 Korintiërs 15:20-22)

1. Ons is vergewe

Toe Jesus gesterf het aan die kruis, het Hy betaal vir ons sonde. Hy het ons skuld op Hom geneem. Daardeur is ons vergewe en geregverdig. Die enkele offer wat Jesus gebring het, was voldoende. God het Jesus uit die dood uit opgewek en daardeur aangetoon dat Jesus se offer aanvaar is. Die opstanding van Jesus uit die dood is die tasbare bewys dat dit wat aan die kruis gebeur het, die volmaakte offer wat daar gebring is, deur God aanvaar is. Die opstanding bevestig dat ons vergewe en geregverdig is.

*Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, **eens en vir altyd**. Elke priester staan wel dag vir dag en diens doen, en bring oor en oor dieselfde offers, wat nooit in staat is om sondes weg te neem nie; maar toe Christus **vir altyd een offer** ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit. Sedertdien wag Hy totdat sy vyande 'n voetbank vir sy voete gemaak word. Want **deur een offer** het Hy hulle wat geheilig word, **vir altyd vervolmaak**.* (Hebreërs 10:10-14)

Daarom kan ons met oorgawe verklaar dat die uitspraak oor ons reeds gelewer is:

"Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en vir hom is daar geen veroordeling nie, maar hy het uit die dood na die lewe oorgegaan." (Johannes 5:24)

2. Ons geloof het betekenis

Die opstanding gee betekenis aan ons geloof. Inteendeel, sonder die opstanding beteken ons geloof niks nie. Paulus het telkens vervolging beleef. En soos hy vervolging ervaar het, het hy volhard deur vas te hou aan die opstanding van die dooies.

- Voor die Jode in Jerusalem: *"Op grond van die **verwagting van die opstanding van die dooies** word ek verhoor."* (Handelinge 23:6)
- Voor Feliks: *"Ek staan vandag voor julle tereg oor die **opstanding van die dooies**!"* (Handelinge 24:21)

- Voor koning Agrippa II: *"Waarom word dit deur julle as ongeloofbaar beskou dat God **dooies opwek**?"* (Handelinge 26:8)
- Voor die Jode in Rome: *"Om hierdie rede het ek gevra om julle te sien en met julle te praat, aangesien dit juis oor **die hoop van Israel** is dat ek hierdie boeie dra."* (Handelinge 28:20)

Daarom het Paulus die gelowiges aangemoedig om met dieselfde uitkyk te volhard:

Want die Here self sal met 'n luide bevel, met die stem van 'n aartsengel, en met 'n trompetgeskal van God, uit die hemel afkom, en diegene wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat lewe en oorgebly het, saam met hulle in die wolke opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. En so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde. (1 Tessalonisense 4:16-18)

3. Ons getuienis is waar

Die opstanding is die fisiese bewys dat die getuienis wat ons lewer, die absolute waarheid is. In 'n wêreld waar almal wegskram van absolute waarheid, is die opstanding uit die dood die absolute waarheid. Dis 'n historiese feit. Jesus het gesê Hy sal uit die dood uit opgewek word, en Hy is uit die dood uit opgewek. Ons kan dus met vrymoedigheid die waarheid verkondig. Die krag van ons getuienis oor hierdie saak maak ons standvastig in geloof. Veral in die lig daarvan dat ons kan leef met die wete dat al sterf ons, ons nog steeds opgewek gaan word in Christus.

As die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het in julle woon, sal Hy wat Christus uit die dood opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. (Romeine 8:11)

Dit maak ook dat ons, ons lewens kan neerlê ter wille van Christus omdat ons weet dat hierdie dood nie die ewige dood is nie.

Húlle het hom [Satan] oorwin, op grond van die bloed van die Lam, en op grond van hulle getuienis. Selfs in die aangesig van die dood het hulle nie hulle eie lewens liefgehad nie. (Openbaring 12:11)

4. Selfs dié wat ontslaap het, leef vir ewig

Dit is opvallend om te sien dat daar in die Nuwe Testament gereeld gepraat word van "ontslaap" of "ontslapenes" en sodoende word daar verwys na mense wat op aarde dood gegaan het. Soos iemand wat slaap, wat verwag om weer op te staan, kan ons as gelowiges ook eendag ontslaap met die vaste oortuiging dat ons in Christus weer sal opstaan en vir ewig sal lewe. Dié wat in Christus is, sal dalk sterf op aarde, maar dit is nie 'n ewige dood nie. In Hom sal ook dié wat ontslaap, vir ewig lewe. Die opstanding uit die dood het die sonde oorwin en sodoende die dood se angel verwyder.

Want hierdie verganklike liggaam moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike liggaam met onsterflikheid. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee word, sal die woord wat geskryf staan, vervul word: "Die dood is verslind in oorwinning." "Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?" Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde lê in die wet. Maar aan God die dank, wat aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus. (1 Korintiërs 15:53-57)

Dit is egter nie net gelowiges wat eendag uit die dood uit opgewek sal word nie. Jesus praat van twee verskillende opstandings wat eendag sal plaasvind.

*Moet julle nie hieroor verwonder nie, want daar kom 'n tyd wanneer almal in die grafte sy stem sal hoor en sal uitkom, dié wat goed gedoen het, tot die **opstanding van die lewe**, maar dié wat verkeerd gedoen het, tot die **opstanding van veroordeling**.* (Johannes 5:28-29)

Daar is dus die opstanding van die lewe, maar ook die opstanding van veroordeling. Laasgenoemde hou verband met die laaste aspek op ons lys, naamlik die ewige oordeel. Daaroor gaan ons volgende keer gesels.

Deel 8: Ewige oordeel

*Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus en voortgaan na volwassenheid, sonder om weer die fondament te lê van die bekering van dooie werke, van geloof in God, van onderrig oor dope, oplegging van hande, opstanding uit die dood en van **ewige oordeel**.* (Hebreërs 6:1-2)

Die laaste aspek op hierdie lys is die ewige oordeel. Ons het laas genoem dat daar twee opstandings is, naamlik die opstanding van die lewe, en die opstanding van veroordeling. Ons lees op 'n paar plekke van die komende oordeelsdag.

*"En wie ook al julle nie verwelkom en na julle woorde luister nie — gaan weg uit daardie huis of stad en skud die stof van julle voete af. Amen, Ek sê vir julle: Dit sal vir die land Sodom en Gomorra op die **oordeelsdag** draagliker wees as vir daardie stad."* (Matteus 10:14-15)

*Ek sê vir julle, van elke onbesonne woord wat mense kwytraak, sal hulle op die **dag van oordeel** rekenskap moet gee.* (Matteus 12:36)

*Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het iets wat hom veroordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom op **die laaste dag veroordeel**.* (Johannes 12:48)

*En net soos dit bestem is vir mense om slegs een maal te sterf, en daarna kom die **oordeel**...* (Hebreërs 9:27)

Ons weet dat alle mense een maal gaan sterf, en ons weet dat die oordeel daarna volg. Die Griekse woord vir oordeel wat in die konteks van die Nuwe Testament gebruik word, is "κρίσις" ("krisis"). Die term verwys na 'n tribunaal of 'n plek waar geregtigheid geskied. 'n Ander manier om die term te verduidelik is om te praat van die Goddelike wet wat toegepas word. Dit verwys dus na God wat as Regter optree om uitspraak te lewer en dit uit te oefen. Dit is interessant dat Dawid tydens sy interaksie met Saul juis ook na hierdie rol van God verwys.

"Mag die Here regter wees; mag Hy oordeel tussen u en my; mag Hy kennis neem en my saak verdedig; mag Hy my reg handhaaf deur my uit u hand te red." (1 Sameul 24:16).

In hierdie geval is die Hebreeuse woord wat vir oordeel gebruik word, "שָׁפַט" (shâphaṭ). Die betekenis van hierdie woord is onder andere "om te regeer", "om uitspraak te lewer", "om vry te spreek", "om te straf", "om regspraak te lewer" of "om te beslis". Dit is dus belangrik om te verstaan dat God sy rol as Heerser of Regeerder vervul deur ook as Regter op te tree. Dit is een van die bewyse van sy Goddelikheid. Mense se harte word egter dikwels met vrees gevul as daar oor die oordeelsdag gepraat word. Dit is dus goed om te begin deur vas te stel wat God se hart is rakende oordeel.

God se hart is dat ons Hom sal kies

As ons praat oor iets soos die ewige oordeel, is dit baie belangrik dat ons God se hart verstaan. In Genesis 6 lees ons:

*Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot is, en dat alles wat hy in sy hart bedink, altyd net sleg is, was die HERE **jammer** dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom tot in sy hart **gegrief**. Toe sê die HERE: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aarde af uitwis — mense sowel as diere, ook kruipende diere en die voëls van die hemel, want Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het."* (Genesis 6:5-7)

Die Hebreeuse woord wat as "jammer" hierso vertaal word, is die woord "נָחַם" (nacham). Letterlik beteken dit om diep te sug, om diep asem te haal, of om jammer te wees. Ons is baie bekend met daardie diep sug. Dit is 'n sug wat gebore is uit 'n diep hartseer. Dit is die diep sug van 'n ouer wat met diep hartseer gevul is oor 'n rebelse kind. Net so sien ons dat God se hart "gebreek" is deur mense wat eerder die pad van sonde en dood gekies het bo 'n lewende verhouding met Hom. Soos ons aan die begin van hierdie deel gesê het: dit is belangrik om te verstaan hoe God oor die mensdom voel. Hierdie woorde in Genesis wys vir ons iets daarvan. Die volgende paar verse bevestig verder hierdie beginsel, naamlik dat dit God se hart is dat die mens eerder sal wegdraai van 'n lewe van sonde wat lei tot die dood, en sal draai na Hom en sal lewe.

*"Die Here, die Here, 'n **barmhartige** en **genadige** God, **geduldig**, oorvloedig in troue liefde en waarheid..."* (Eksodus 34:6)

*Inteendeel, Hy is geduldig met julle, omdat Hy **nie wil hê** sommige mense moet **verlore** gaan nie, maar dat **almal tot bekering** moet kom.* (2 Petrus 3:9)

*"Sou Ek enige vreugde vind in die dood van 'n goddelose mens?" is die uitspraak van my Heer, die HERE. "Is vreugde nie eerder daarin geleë **dat hy van sy verkeerde paaie terugkeer en leef** nie?"* (Esegiël 18:23)

*Sê vir hulle, "So seker as Ek leef, is die uitspraak van my Heer, die HERE: 'Ek vind **geen vreugde in die dood van die goddelose** nie, maar wel vreugde daarin dat 'n goddelose **terugkeer van sy pad, en leef**. Keer terug, keer terug van julle bose paaie! Waarom moet julle sterf, huis van Israel?'"* (Esegiël 33:11)

Ons almal ken Johannes 3:16 uit ons koppe uit, maar weet ons wat staan in die vers direk ná hierdie vers?

*God het immers nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word. **Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie, maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy nie in die Naam van die uniek verwekte Seun van God geglo het nie.** En dit is die oordeel: Die lig het in die wêreld gekom, maar die mense het die duisternis liefgehad bo die lig, omdat hulle dade boos was. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel kan word nie. Maar wie volgens die waarheid leef, kom na die lig, sodat sy dade bekend kan word, dat hulle in God gedoen is.* (Johannes 3:17-21)

God se hart was dus nog nooit om die mensdom te veroordeel of skuldig te bevind nie. Die voorafgaande verse toon dat God se hart is dat die goddelose sal wegdraai van sonde wat lei tot die dood, en sal draai na Hom toe. Nie net is dit God se hart nie, maar Hy het ook 'n weg gemaak vir dié wat wel na Hom toe draai om vir ewig in verhouding met Hom te kan lewe. Daardie Weg is Jesus Christus.

018 290 7579
anneli@duet.org.za
ontvangs@duet.org.za
www.duet.org.za

duet GEMEENTE

Govan Mbeki Rylaan 5,
Potchefstroom, 2520
Posbus 20674, Noordbrug
Potchefstroom, 2522

Die groot wit troon

*Toe het ek 'n **groot wit troon** gesien en Iemand wat daarop sit. Die aarde en die hemel het van sy aangesig af weggevlug en daar was nie meer plek vir hulle nie. En ek het die dooies, die magtiges en die geringes, voor die troon sien staan. Toe is die boekrolle oopgemaak. 'n Ander boekrol is ook oopgemaak, naamlik die een van die lewe. Die dooies is, op grond van wat daar in die boekrolle opgeteken is, volgens hulle dade geoordeel. Die see het toe die dooies wat daarin is, teruggegee en die dood en Hades het die dooies wat daarin is, teruggegee. Elkeen is volgens hulle dade geoordeel. Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die **tweede dood**, die vuurpoel. En as gevind is dat iemand nie in die boekrol van die lewe opgeteken is nie, is hy in die vuurpoel gegooi.* (Openbaring 20:11-15)

Nou, wie is die Een wat op hierdie groot wit troon sit?

*Die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die **volle oordeel** aan die Seun oorgegee...* (Johannes 5:22)

*En Hy het ons beveel om aan die volk te verkondig en kragtig te getuig dat dit Hy [Jesus] is wat deur God aangewys is as **Regter oor die lewendes en die dooies**.* (Handelinge 10:42)

*"Want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy die wêreld **in regverdigheid gaan oordeel** deur 'n Man wat Hy daarvoor aangewys het. En Hy het dit aan almal bevestig deur Hom uit die dood te laat opstaan."* (Handelinge 17:32)

*…op die dag wanneer God die verborge dinge van die mens, volgens my evangelie, **deur Christus Jesus sal oordeel**.* (Romeine 2:16)

Dit is dus duidelik dat Jesus die "Iemand" is waarna Openbaring 20:11 verwys. Jesus is die Een wat eendag gaan oordeel, *"dié wat nog lewe, en dié wat reeds gesterf het"*. Ons sien egter dat hier twee groepe mense teenwoordig is tydens die oordeel. Die een groep se name is opgeteken in die boek van die lewe, terwyl die ander groep se name nie opgeteken is in die boek van die lewe nie. Dié wie se name nie in die boek van die lewe opgeteken is nie, word veroordeel. Die laasgenoemde groep mense dra dus 'n straf wat tot in ewigheid duur.

Maar wat van die ander groep? Wat van dié waarvan hulle name opgeteken is in die boek van die lewe? Wat van dié wat in Christus Jesus is?

*Daar is dan nou **geen veroordeling** vir diegene wat in Christus Jesus is nie.* (Romeine 8:1)

*Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê, "Julle, geseëndes van my Vader, **kom beërf die koninkryk**, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af."* (Matteus 25:34)

So, diegene wat in Christus Jesus is, sal nie veroordeel word nie. Net soos daar geen veroordeling is vir dié in Christus nie, is daar veroordeling vir dié wat nie in Christus is nie. Baie mense worstel met hierdie waarheid. Sal 'n liefdevolle God mense veroordeel? Wel, die Skrif is baie duidelik hieroor, en ek glo dat gelowiges 'n baie dringender benadering sou hê tot evangelisasie en dissipelskap as hierdie waarheid geglo word.

*Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy uniek verwekte Seun gegee het, sodat **elkeen wat in Hom glo**, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.* (Johannes 3:16)

*Jesus sê vir hom: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; **niemand kom na die Vader behalwe deur My nie**."* (Johannes 14:6)

*"Daar is ook **deur niemand anders verlossing** nie, en daar is **geen ander naam** onder die hemel aan mense gegee waardeur **ons verlos kan word** nie."* (Handelinge 4:12)

*Want daar is een God, en **een Middelaar tussen God en die mense**, die mens **Christus Jesus**, wat Homself as losprys vir almal gegee het...* (1 Timoteus 2:5)

Slegs diegene wat in Jesus Christus is, sal veroordeling of die ewige straf vryspring. Dit is opmerklik dat diegene wat nie in Christus is nie, op grond van hulle dade geoordeel word. Dit is hoekom die boekrolle oopgemaak word waarin elkeen se dade opgeteken is. Hierdie maak absoluut sin. Dink terug aan die aspekte wat ons reeds behandel het in Hebreërs 6. Iemand wat nie sy geloof in God plaas nie, plaas inherent sy geloof in homself. So 'n persoon glo met ander woorde dat sy eie goeie dade goed genoeg sal wees om hom te red. Maar wat is God se standaard? Perfeksie, absolute perfeksie!

*"Daar is **niemand regverdig nie**, selfs **nie een nie**; daar is niemand verstandig nie, daar is **niemand wat God soek** nie. Almal het afgedwaal; saam het hulle waardeloos geword. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie."* (Romeine 3:10-12)

***Almal het trouens gesondig** en die eer aan God ontbreek by hulle...* (Romeine 3:23)

Is Jesus dus onregverdig as Hy eendag die goddelose gaan veroordeel? Geensins. Hy oordeel regverdig volgens die standaard van absolute perfeksie, 99% is nie goed genoeg nie. Nie eers 99.9999% is goed genoeg nie. Al wat aanvaarbaar is voor Jesus, is 100%. Hierdie onderstreep die rede hoekom Jesus aarde toe gekom het. As dit moontlik was vir mense om hulleself te red deur middel van goeie dade, was die kruis nooit nodig nie.

Iemand wat dus nie in Hom glo nie, sal dus eendag veroordeel word. Daardie veroordeling sal wel absoluut regverdig geskied, want God is regverdig.

Wat van rekenskap en beloning?

Alhoewel daar nie enige veroordeling is vir dié wat in Christus is nie, is daar wel die aspek van rekenskap. Elke enkele persoon, ongeag gered of ongered, sal eendag rekenskap moet gee.

*Ná 'n lang tyd kom die eienaar van daardie slawe terug en **eis rekenskap** van hulle.* (Matteus 25:19)

*Jy, waarom veroordeel jy jou broer? Of jy, waarom sien jy op jou broer neer? Ons gaan tog almal voor God se regterstoel verskyn. Want daar staan geskryf: "So seker as wat Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig en elke tong sal My as God bely." Elkeen van ons sal dus **persoonlik voor God verantwoording moet doen**.* (Romeine 14:10-12)

*Daarom, of ons reeds inwoon, of nog nie inwoon nie, streef ons daarna om vir Hom welgevallig te wees. Want **ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn**, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy in sy liggaamlike bestaan gedoen het, of dit **goed of kwaad** was.* (2 Korintiërs 5:9-10)

Dit is dus duidelik dat almal eendag gaan moet verantwoording doen. Dit moet net weer eens beklemtoon word dat vir dié in Christus is daar geen rede tot vrees vir veroordeling nie. Wat sou dan die doel van hierdie rekenskap wees vir dié wat in Christus is?

*"Kyk, Ek kom gou! En die beloning is by My, om elkeen volgens sy optrede **te beloon**."* (Openbaring 22:12)

*"Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie – dit is Jesus Christus. Of iemand nou op die fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of strooi – **elkeen se werk sal duidelik word**, want dié dag sal dit aan die lig bring. Deur vuur sal dit geopenbaar word, en **die vuur sal die gehalte van elkeen se werk op die proef stel**. As iemand se bouwerk behoue bly, sal hy sy **loon ontvang**. As iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly – hoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen."* (1 Korintiërs 3:11-15)

Sonder om in te veel detail in te gaan, is dit duidelik dat die doel van hierdie rekenskap is om dié wat volhard het tot aan die einde toe – met ander woorde, dié wat "op Jesus te bou" tot aan die einde toe – 'n beloning sal ontvang. Die volgende tekste verwys almal daarna.

*Gelukkig is die man wat versoeking deurstaan, want as hy die toets slaag, sal hy die **oorwinningskrans** van die lewe ontvang, wat God beloof het aan hulle wat Hom liefhet.* (Jakobus 1:12)

*Moenie vir enigiets wat jy nog gaan ly, bang wees nie. Kyk, die Duiwel gaan sommige van julle in die tronk laat gooi, sodat julle getoets kan word. Tien dae lank sal julle verdruk word. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal aan jou die **oorwinnaarskrans** van die lewe gee.* (Openbaring 2:10)

*Almal wat deelneem, pas in alle opsigte dissipline toe – hulle nogal om 'n verganklike **oorwinningskrans** te ontvang, maar ons 'n onverganklike.* (1 Korintiërs 9:25)

*Nou wag die **oorwinningskrans** van geregtigheid op my, wat die Here, die regverdige Regter, op daardie dag vir my sal gee – en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat sy koms liefhet.* (2 Timoteus 4:8)

*Versorg soos herders die kudde van God in julle midde; hou toesig – nie uit plig nie, maar vrywillig, in ooreenstemming met die wil van God; nie uit skandelike winsbejag nie, maar geesdriftig; nie baasspelerig oor hulle wat aan julle toevertrou is nie, maar as voorbeeld vir die kudde. En wanneer die Groot Herder verskyn, sal julle die **erekrans** van heerlikheid ontvang, wat nooit sal verwelk nie.* (1 Petrus 5:2-4)

*Want watter hoop of vreugde of **kroon** van roem, behalwe juis julle, sal daar vir ons by die Here Jesus wees wanneer Hy kom? Want julle is ons eer en vreugde!* (1 Thessalonisense 2:19-20)

Die beloning waarna die Woord onder andere verwys, is 'n oorwinnaarskrans of oorwinningskrans wat ons as mense aanmoedig om nie terug te val in dooie werke nie, maar eerder te volhard in 'n wêreld waar gelowiges daagliks vervolg word. Wat gaan ons wel eendag met hierdie kranse of krone doen?

En telkens wanneer die lewende wesens heerlikheid en eer en dank bring aan Hom wat op die troon sit, aan Hom wat vir ewig en ewig leef, val die vier-en-twintig ouderlinge in aanbidding neer voor Hom wat op die troon sit. Hulle aanbid Hom wat vir ewig en ewig leef, en ***sit dan hulle krone voor die troon neer****, terwyl hulle sê: "U is waardig, ons Here en God, om die heerlikheid en die eer en die krag te ontvang, omdat U alle dinge geskep het; deur u wil het alles ontstaan, is dit geskep."* (Openbaring 4:9-11)

Wat hierdie krone presies behels, weet ons nie met sekerheid nie, maar dat die krone nie die fokus is nie, blyk duidelik vanuit hierdie teks. Die fokus sal altyd wees om God te aanbid tot in alle ewigheid.

Is die hel 'n realiteit?

Hoekom praat ons oor hel en veroordeling? Wel, hierdie temas kom redelik algemeen in die Skrif voor. Dit is belangrik dat ons wat in Christus is juis hierdie waarheid verstaan, want dit sal ons verder bring by 'n punt van dringendheid in terme van ongelowiges wat Jesus Christus nie as Here en Verlosser bely nie.

"My vriende, Ek sê vir julle: Moenie hulle vrees wat die liggaam doodmaak, en daarna niks verder kan doen nie. Maar Ek sal vir julle aantoon wie julle moet vrees: Vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, die mag het om iemand ***in Gehenna te werp****. Ja, Ek sê vir julle, Hom moet julle vrees."* (Lukas 12:4-5)

Dan sal Hy vir dié aan sy linkerhand sê, "Gaan weg van My, julle vervloektes, ***in die ewige vuur*** *wat gereedgemaak is vir die Duiwel en sy engele."* (Matteus 25:41)

Daar is dus 'n baie goeie rede hoekom die skrywer van Hebreërs die ewige oordeel ingesluit het by die lys van die basiese aspekte van ons geloof. Hierdie is 'n ernstige saak wat nie ignoreer kan word nie en wat ons motiveer om meer ernstig te wees in die uitdra van die Evangelie.